Mr. Lewis 3/9/63

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXXVI.] PRYS 5c. PRETORIA, 28 AUGUSTUS / 28 AUGUST 1963. PRICE 5c. [No. 3048.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

No. 175 (Administrateurs-), 1963.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal die Stadsraad van Boksburg 'n versoekskrif, ingevolge die bepalings van artikel *vier* van die "Local Authorities Roads Ordinance, 1904", ingedien het om die proklamering tot 'n publieke pad van 'n sekere padverbreding in die Munisipaliteit Boksburg geleë;

En nademaal daar aan die bepalings van artikel *vyf* van genoemde Ordonnansie voldoen is en geen besware teen die proklamering van die genoemde verbreding ingedien is nie;

En nademaal dit dienstig geag word dat genoemde verbreding geproklameer moet word;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by die artikel *vier* van genoemde Ordonnansie, gelees met artikel *tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, aan my verleen word, hierby die padverbreding soos omskryf in die bygaande Bylae en soos aangedui op Kaart L.G. No. A.2738/62 tot 'n publieke pad proklameer.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 10/3/8/21.

BYLAE.

OMSKRYWING VAN PAD.—MUNISIPALITEIT BOKSBURG.

'n Verbreding van Commissionerstraat, vanaf die noordwestelike hoek van Perseel No. 181, in die dorp Boksburg, op die plaas Vogelfontein No. 84—I.R.; daarvandaan in 'n westelike rigting vir ongeveer 225 Kaapse voet soos meer volledig aangedui deur die letters ABCDEA op Kaart L.G. No. A.2738/62.

No. 175 (Administrator's), 1963.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas the Town Council of Boksburg has petitioned, under the provisions of section *four* of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, for the proclamation, as a public road, of the widening of a certain road situated in the Municipality of Boksburg;

And whereas the provisions of section *five* of the said Ordinance have been complied with and no objections to the proclamation of the widening of the said road have been lodged;

And whereas it is deemed expedient that the said road-widening should be proclaimed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *four* of the said Ordinance, read with section *eighty* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim as a public road the widening of the road as described in the Schedule hereto and as shown on Diagram S.G. No. A.2738/62.

Given under my Hand at Pretoria on this Fourteenth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 10/3/8/21.

SCHEDULE.

DESCRIPTION OF ROAD.—BOKSBURG MUNICIPALITY.

A widening of Commissioner Street, commencing at the north-western corner of Stand No. 181, in the Township of Boksburg, on the farm Vogelfontein No. 84—I.R., and proceeding in a westerly direction for approximately 225 Cape feet as more fully indicated by the letters ABCDEA on Diagram S.G. No. A.2738/62.

No. 176 (Administrateurs-), 1963.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal daar by subartikel (4) van artikel *vyf* van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, bepaal word dat die Administrateur in die jaar waarin 'n plaaslike bestuur, genoem in die Eerste Skedule van daardie Ordonnansie, alle belasbare eiendom binne die Munisipaliteit moet laat waardeer, by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* aan sodanige plaaslike bestuur magtiging kan verleen om die belasting vir die lopende boekjaar te hef op die waardering nadat dit aan die plaaslike bestuur voorgelê is en ingevolge artikel *twaalf* op sy kantoor ter insae van die publiek voorgelê is; met dien verstande dat die bepalings van artikel *ses-en-twintig mutatis mutandis* van toepassing is op enige waardering wat daarna verander of gewysig word deur die Waarderingshof ingevolge artikel *dertien* benoem;

No. 176 (Administrator's), 1963.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas it is provided by sub-section (4) of section *five* of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, that the Administrator may in any year in which a local authority mentioned in the First Schedule to that Ordinance is required to cause a valuation to be made of all rateable property within the Municipality, by proclamation in the *Provincial Gazette* authorise such local authority to impose the rate for the current financial year on the valuation after it has been laid before the local authority and has been laid at its office for public inspection in terms of section *twelve*; provided that the provisions of section *twenty-six* shall *mutatis mutandis* apply to any valuation which is thereafter altered or amended by the valuation court appointed in terms of section *thirteen*;

En nademaal 'n aansoek van die Stadsraad van Krugersdorp ontvang is om magtiging om 'n belasting vir die boekjaar wat eindig op 30 Junie 1964 ingevolge daardie subartikel te hef;

En nademal dit wenslik geag word dat genoemde aansoek toegestaan word;

So it dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by genoemde subartikel aan my verleen is, hierby aan die Stadsraad van Krugersdorp magtiging verleen om 'n belasting dienooreenkomstig te hef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 8/2/1/18.

No. 177 (Administrateurs-), 1963.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal Dorpsaanlegskema No. 1, 1946, van die Stadsraad van Potchefstroom by Proklamasie No. 67 van 1946, ingevolge artikel *drie-en-veertig* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, goedgekeur is;

En nademaal dit wenslik geag word om genoemde Dorpsaanlegskema in sekere opsigte te wysig;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by artikel *ses-en-veertig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat Dorpsaanlegskema No. 1, 1946, van die Stadsraad van Potchefstroom, hierby gewysig word soos aangedui in die skemaklousules en op kaart No. 3, in bewaring gehou deur die Sekretaris van die Dorperaad, Pretoria, en die Stadsklerk, Potchefstroom; hierdie wysiging staan bekend as Potchefstroom-dorpsaanlegskema No. 1/11.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vyftiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 5/2/44/10, Vol. 3.

No. 178 (Administrateurs-), 1963.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Northcliff Uitbreiding No. 6 te stig op die plase Waterval No. 211, Registrasie-afdeling I.Q., Northcrest No. 210, Registrasie-afdeling I.Q., Northview No. 209, Registrasie-afdeling I.Q., en North Hills No. 213, Registrasie-afdeling I.Q., distrik Roodepoort;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 4/8/953.

And whereas an application has been received from the Town Council of Krugersdorp for authority to impose a rate for the financial year ending 30th June, 1964, in terms of that sub-section;

And whereas it is deemed expedient that the said application be granted;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said sub-section, I do hereby authorise the Town Council of Krugersdorp to impose a rate accordingly.

Given under my Hand at Pretoria on this Fourteenth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 8/2/1/18.

No. 177 (Administrator's), 1963.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas Town-Planning Scheme No. 1 of 1946, of the Town Council of Potchefstroom, was approved by Proclamation No. 67 of 1946, in terms of section *forty-three* of the Townships and Town-Planning Ordinance, 1931;

And whereas it is deemed expedient to amend the said Town-Planning Scheme in certain respects;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *forty-six* of the said Ordinance, I hereby declare that Town-Planning Scheme No. 1, 1946, of the Town Council of Potchefstroom is hereby amended as indicated in the scheme clauses and on Map No. 3, filed with the Secretary of the Townships Board, Pretoria, and the Town Clerk, Potchefstroom; this amendment is known as Potchefstroom Town-Planning Scheme No. 1/11.

Given under my Hand at Pretoria on this Fifteenth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 5/2/44/10, Vol. 3.

No. 178 (Administrator's), 1963.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Northcliff Extension No. 6 on the farms Waterval No. 211, Registration Division I.Q., Northcrest No. 210, Registration Division I.Q., Northview No. 209, Registration Division I.Q. and North Hills No. 213, Registration Division I.Q., District of Roodepoort;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-second day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 4/8/953.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR CORRIEMOOR TOWNSHIPS (PROPRIETARY), LIMITED, EN G.M.S. TOWNSHIPS (PROPRIETARY), LIMITED, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP DIE PLASE WATERVAL No. 211, REGISTRASIE-AFDELING I.Q., NORTHCREST No. 210, REGISTRASIE-AFDELING I.Q., NORTHVIEW No. 209, REGISTRASIE-AFDELING I.Q., NORTH HILLS No. 213, REGISTRASIE-AFDELING I.Q., DISTRIK ROODEPOORT, TOEGESTAAN IS.

A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Northcliff Uitbreiding No. 6.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangewys op Algemene Plan L.G. No. A.3934/62.

3. *Water.*

Die applikante moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (*a*) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikante 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van, of in verband met, die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van die water deur die applikante gedra moet word, en die applikante is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikante 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikante gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

(*c*) die applikante geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van hulle verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (*c*) genoem, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY CORRIEMOOR TOWNSHIPS (PROPRIETARY) LIMITED AND G.M.S. TOWNSHIPS (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE FARMS WATERVAL No. 211, REGISTRATION DIVISION I.Q., NORTHCREST No. 210, REGISTRATION DIVISION I.Q., NORTHVIEW No. 209, REGISTRATION DIVISION I.Q., AND NORTH HILLS No. 213, REGISTRATION DIVISION I.Q., DISTRICT OF ROODEPOORT WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Northcliff Extension No. 6.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.3934/62.

3. *Water.*

The applicants shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicants shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicants, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicants to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicants may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(*c*) the applicants have furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of their obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicants and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (*c*) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikante moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vuilisverwydering.

'n Beknopte verkaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikante moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas-, stortings- en Bantoelokasieterreine.*

Die applikante moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en Bantoelokasie. As sodanige reëlings bestaan uit grond wat aan die plaaslike bestuur oorgedra moet word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur beperk word nie.

7. *Mineralerègte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes met inbegrip van alle regte wat by die pagvrygrondbesitter berus of hierna kan berus om te deel in die gelde wat moontlik aan die Staat kan toekom uit die verkoop van mynregte oor die dorp, asook die aandeel in kleimlisensiegelde en enige aandeel in huurgelde of winste wat moontlik aan enige eienaar kan toekom ingevolge enige mynbrief ten opsigte van die grond binne die dorp, en dergelike gelde, word aan G.M.S. Townships (Proprietary), Limited, voorbehou ten opsigte van Gedeelte 140 ('n gedeetle van Gedeelte 139) van die plaas Waterval No. 211—I.Q., en sekere plaas Wonderview No. 204—I.Q., en aan Corriemoor Townships (Proprietary), Limited, ten opsigte van Gedeelte 138 van die plaas Waterval No. 211—I.Q., Gedeelte (b) van Gedeelte 4 van gedeelte van die plaas Weltevreden No. 202—I.Q. en Gedeelte van die dorp bekend as Northcliff Uitbreiding No. 6, geleë op die plaas Northcliff No. No. 205—I.Q.

8. *Terugtrekking van oorspronklike aansoek.*

Die dorp mag nie geproklameer word alvorens die terugtrekking van die aansoek om die stigting van die oorspronklike Dorp Northcliff Uitbreiding No. 6 deur die Administrateur ontvang is nie.

9. *Verandering van eiendomsgrense.*

Ten einde die grense van die verskillende samestellende eiendomme te verander om te voorkom dat 'n erf deur eiendomsgrense gekruis word, moet geskikte uitruiling van grond plaasvind en moet alle samestellende gedeeltes wat op naam van enigeen van die applikante geregistreer is, gekonsolideer word.

10. *Strate.*

(*a*) Die applikante moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot voldoening van die plaaslike bestuur tot tyd en wyl die aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur van tyd tot tyd die reg het om die applikante geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(*b*) Die strate moet tot voldoening van die plaaslike bestuur name gegee word.

4. *Sanitation.*

The applicants shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicants shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites.*

The applicants shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetary and Bantu location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones together with all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the State from the disposal of the undermining rights of the township including the share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township and the like shall be reserved to G.M.S. Townships (Proprietary) Limited in respect of Portion 140 (a portion of Portion 139) of the farm Waterval No. 211—I.Q., and certain farm Wonderview No. 204—I.Q. and to Corriemoor Townships (Proprietary), Limited, in respect of Portion 138 of the farm Waterval No. 211—I.Q., Portion (b) of Portion 4 of portion of the farm Weltevreden No. 202—I.Q., and portion of the Township known as Northcliff Extension No. 6 situate on the farm Northcliff No. 205—I.Q.

8. *Withdrawal of Original Application.*

The township shall not be proclaimed before the withdrawal of the application for the establishment of the original Northcliff Extension No. 6 Township has been received by the Administrator.

9. *Adjustment of Property Boundaries.*

In order to adjust the boundaries of the various component properties so as to avoid the intersection of any erf by property boundaries suitable exchanges of land shall be effected, and all component portions registered in the name of any one of the applicants shall be consolidated.

10. *Streets.*

(*a*) The applicants shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Board and the local authority.

(*b*) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

11. *Skenking.*

Die onderskeie applikante moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepalings van paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 15% (vyftien persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikante verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (*d*).

Die applikante moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikante se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikante alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

12. *Grond vir Staats- en ander doeleindes.*

(*a*) Die volgende erwe, op die Algemene Plan aangewys, moet deur en op koste van die applikante aan die betrokke owerhede oorgedra word: —

Vir munisipale doeleindes: —

(i) As parke: Erwe Nos. 1465 en 1466.

(ii) As transformatorterreine: Erwe Nos. 1248, 1276, 1349, 1386, 1403, 1421 en 1438.

(*b*) Die applikante moet die volgende terreine vir onderwysdoeleindes, met inbegrip van die toepaslike regte van weg, aan die betrokke owerheid kosteloos laat oordra: —

(i) Gedeelte 145 ('n gedeelte van Gedeelte 139) van die plaas Waterval No. 139, distrik Roodepoort, groot 2·2964 morg; soos aangewys op Diagram No. A.2127/52.

Die regte van weg wat gelyktydig oor hierdie gedeelte geregistreer moet word is aangewys op Diagramme Nos. A.2132/52 en A.2128/52.

(ii) Gedeelte 146 ('n gedeelte van Gedeelte 139) van die plaas Waterval No. 7, distrik Roodepoort, groot 2·3191 morg; soos aangewys op Diagram A.2130/52.

Die regte van weg wat gelyktydig oor hierdie gedeelte geregistreer moet word is aangewys op Diagram No. A.2129/52.

13. *Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineralerégte.

14. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikante moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikante van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

(i) die erwe in klousule A 12 hiervan genoem;

(ii) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en

11. *Endowment.*

Each applicant shall, subject to the provisos to paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 15% (fifteen per cent) on land value only of all erven disposed of by such applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of such disposal and to be determined in the manner set out in the said paragraph (*d*).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by each applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicants' books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicants shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

12. *Land for State and Other Purposes.*

(*a*) The following erven shown on the General Plan shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicants:—

For Municipal Purposes:—

(i) As parks: Erven Nos. 1465 and 1466.

(ii) As transformer sites: Erven Nos. 1248, 1276, 1349, 1386, 1403, 1421 and 1438.

(*b*) The applicants shall ensure that the following sites together with the appropriate rights of way shall be transferred to the proper authority free of any consideration for educational purposes:—

(i) Portion 145 (a portion of Portion 139) of the farm Waterval No. 139, District Roodepoort, measuring 2·2964 morgen; as per Diagram A.2127/52.

The rights-of-way to be registered simultaneously in favour of this portion is defined in Diagrams Nos. A.2132/52 and A.2128/52.

(ii) Portion 146 (a portion of Portion 139) of the farm Waterval No. 7, District Roodepoort, measuring 2·3191 morgen as per Diagram A.2130/52.

The rights-of-way to be registered simultaneously in favour of this portion is defined in Diagram No. A.2129/52.

13. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

14. *Enforcement of Conditions.*

The applicants shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicants of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Conditions.*

The erven with the exception of—

(i) the erven mentioned in Clause A 12 hereof;

(ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and

(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

(*a*) Die applikante en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, genoem, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(*b*) Planne en spesifikasies van alle geboue en van alle veranderings of aanbouings aan geboue moet aan die plaaslike bestuur voorgelê word, wie se skriftelike goedkeuring verkry moet word voordat bouwerksaamhede 'n aanvang neem. Alle geboue of veranderings of aanbouings aan geboue moet binne 'n redelike tydperk nadat 'n aanvang daarmee gemaak is, voltooi word.

(*c*) Die opstand van alle geboue moet aan die vereistes van goeie argitektuur voldoen sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(*d*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(*e*) Geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, mag op die erf aangehou of op stal gesit word nie sonder die toestemming van die plaaslike bestuur.

(*f*) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(*g*) Uitgesonderd met die skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur oplê, mag nòg die eienaar nòg die okkupeerder van die erf enige putte of boorgate daarop grawe of boor of enige ondergrondse water daaruit trek.

(*h*) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(B) *Algemene woonerwe.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is Erwe Nos. 1382 en 1385 onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die erf moet uitsluitlik gebruik word om daarop 'n woonhuis of woonstelgebou, losieshuis, koshuis of ander geboue vir sodanige gebruike as wat van tyd tot tyd deur die Administrateur toegelaat word, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, op te rig: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word: Voorts met dien verstande dat die geboue nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is nie.

(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

(*a*) The applicants and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.

(*b*) Plans and specifications of all buildings and of all alterations or additions thereto shall be submitted to the local authority whose approval, in writing, shall be obtained before the commencement of building operations. All buildings or alterations or additions thereto shall be completed within a reasonable time after commencement.

(*c*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*d*) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*e*) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pound Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(*f*) No wood and/or iron buildings or building of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*g*) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.

(*h*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(B) *General Residential Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 1382 and 1385 shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used solely for the purposes of erecting thereon a dwelling-house or a block of flats, boarding house, hostel or other buildings for such uses as may be allowed by the Administrator from time to time after reference to the Board and the local authority: Provided that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme, under which the consent of the local authority is required and: Provided further that until the erf is connected to a public sewerage system the buildings shall not exceed two storeys in height.

(*b*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vóór die buitegeboue opgerig word.

(*d*) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

(*e*) Ingeval 'n woonhuis op die erf opgerig word, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is op die erf opgerig word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Administrateur: Met dien verstande dat, as die erf onderverdeel word of as dit, of enige gedeelte daarvan, met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R7,000 wees.

(*f*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

(C) *Spesiale besigheidserf.*

Benewens die voorwaardes in subkloule (A) hiervan uiteengesit, is Erf No. 1387 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf moet slegs vir handels- of besigheidsdoeleindes gebruik word: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word as 'n pakhuis, of vermaaklikheids- of vergaderplek, garage, nywerheidsperseel, of 'n hotel nie; en voorts met dien verstande dat—

(i) die geboue nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is nie;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings vir woondoeleindes gebruik kan word;

(iii) die geboue op die erf nie meer as 60 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie.

(*b*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (*a*) hiervan is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf kan word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoe-eethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.

(*d*) Geen hinderlike bedryf, soos omskryf òf in artikel *vyf-en-negentig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(*e*) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

(D) *Erwe vir spesiale doeleindes.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is onderstaande erwe onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(1) *Erf No.* 1388.—Die erf moet gebruik word vir die doel om die besigheid van 'n motorgarage daarop te dryf en vir doeleindes in verband daarmee: Met dien verstande dat—

(i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is en daarna nie meer as drie verdiepings nie;

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf, for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*d*) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(*e*) In the event of a dwelling-house being erected on the erf not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf except with the consent of the Administrator: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

The dwelling-house exclusive of outbuildings to be erected on the erf shall be of the value of not less than R7,000.

(*f*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(C) *Special Business Erf.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erf No. 1387 shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or a hotel and provided further that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys in height;

(ii) the upper floor or floors may be used for residential purposes;

(iii) the buildings on the erf shall not occupy more than 60 per cent of the area of the erf.

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (*a*) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu eating-house of any description shall be conducted on the erf.

(*d*) No offensive trade as specified either in section *ninety-five* of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a town-planning scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(*e*) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(D) *Special Purpose Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

(1) *Erf No.* 1388.—The erf shall be used for the purpose of conducting thereon the business of a motor garage and purposes incidental thereto: Provided that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys and thereafter not more than three storeys in height;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings, wat nie meer as 40 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie, vir besigheids- en woondoeleindes gebruik kan word:

Voorts met dien verstande dat indien die erf nie vir voornoemde doel gebruik word nie, dit gebruik kan word vir sodanige ander doeleindes as wat toegelaat word en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê word deur die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(2) *Erf No.* 1450.—Die erf moet gebruik word vir sodanige doeleindes as wat toegelaat word en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê word deur die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(E) *Spesiale woonerwe.*

Die erwe met uitsondering van dié in subklousule (B) tot (D) genoem, is, benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(*b*) Nóg die eienaar nóg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*c*) Behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat, as die erf onderverdeel word of as dit, of enige gedeelte daarvan, met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R7,000 wees;

(ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met of vóór die oprigting van die buitegeboue opgerig word.

(*d*) Indien die erf omhein of op enige ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

2. *Erwe onderworpe aan spesiale voorwaardes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is onderstaande erwe onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(*a*) *Erf No.* 1382.—Die erf kan vir die doel van 'n hotel en vir doeleindes in verband daarmee gebruik word.

(*b*) *Erf No.* 1225.—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut van reg van weg ten gunste van die plaaslike bestuur, soos aangedui op die Algemene Plan.

(*c*) *Erwe Nos.* 1239, 1357, 1385, 1414 *en* 1418.—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes soos aangewys op die Algemene Plan.

(ii) the upper floor or floors, which shall not occupy more than 40 per cent of the area of the erf, may be used for business and residential purposes:

Provided further that, in the event of the erf not being used for the aforesaid purpose, it may be used for such other purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be imposed by the Administrator after reference to the Board and the local authority.

(2) *Erf No.* 1450.—The erf shall be used for such purposes as may be permitted and subject to such conditions as may be imposed by the Administrator after reference to the Board and the local authority.

(E) *Special Residential Erven.*

The erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) to (D) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required.

(*b*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*c*) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R7,000;

(ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*d*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Erven subject to Special Conditions.*

In addition to the relevant conditions set out above the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) *Erf No.* 1382.—The erf may be used for the purpose of an hotel and purposes incidental thereto.

(*b*) *Erf No.* 1225.—The erf is subject to a servitude of right-of-way in favour of the local authority as indicated on the general plan.

(*c*) *Erven Nos.* 1239, 1357, 1385, 1414 *and* 1418.—The erf is subject to a servitude for municipal purposes as indicated on the general plan.

(*d*) *Boulyne:*—

(i) *Erwe Nos.* 1390 *en* 1391.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 40 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

(ii) *Erwe Nos.* 1224 *tot* 1247, 1249 *tot* 1275, 1277 *tot* 1348, 1350 *tot* 1381, 1383 *en* 1384, 1393 *tot* 1402, 1404 *tot* 1420, 1422 *tot* 1428, 1429 *tot* 1437, 1439 *tot* 1448, 1449, 1451 *tot* 1464.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

(iii) *Erwe Nos.* 1389 *en* 1392.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 40 voet van sy noordwestelike grens en minstens 25 voet van enige ander straatgrens geleë wees.

3. *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir rioleringsen ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

4. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat daaraan geheg word:—

(i) "Applikante" beteken Corriemoor Townships (Proprietary), Limited, en G.M.S. Townships (Proprietary), Limited, en hulle opvolgers in titel tot die dorp.

(ii) "Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

5. *Staats- en munisipale erwe.*

As 'n erf in klousule A 12 genoem of erwe wat verkry word soos beoog in klousule B 1 (ii) en (iii) hiervan, in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad toelaat.

(*d*) *Building Lines.*

(i) *Erven Nos.* 1390 *and* 1391.—Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 40 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(ii) *Erven Nos.* 1224 *to* 1247, 1249 *to* 1275, 1277 *to* 1348, 1350 *to* 1381, 1383 *and* 1384, 1393 *to* 1402, 1404 *to* 1420, 1422 *to* 1428, 1429 *to* 1437, 1439 *to* 1448, 1449, 1451 *to* 1464.—Buildings including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(iii) *Erven Nos.* 1389 *and* 1392.—Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf shall be located not less than 40 feet from its north-westerly boundary and not less than 25 feet from any other boundary abutting on a street.

3. *Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(*b*) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within six feet thereof.

(*c*) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicants" means Corriemoor Townships (Proprietary) Limited and G.M.S. Townships (Proprietary) Limited and their successors in title to the township.

(ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

5. *State and Municipal Erven.*

Should any erf referred to in Clause A 12 or erven acquired as contemplated in Clause B 1 (ii) and (iii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Board.

No. 179 (Administrateurs-), 1963.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Cresta te stig op die resterende gedeelte van Gedeelte 37 van die plaas Klipfontein No. 203, Registrasieafdeling I.Q., distrik Johannesburg;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

No. 179 (Administrator's), 1963.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Cresta on the remainder of Portion 37 of the farm Klipfontein No. 203, Registration Division I.Q., District of Johannesburg;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 4/8/2179.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ORIGINAL HOMES (PROPRIETARY), LIMITED, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP DIE RESTERENDE GEDEELTE VAN GEDEELTE 37 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN NO. 203, REGISTASIE-AFDELING I.Q., DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

A—STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Cresta.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.4088/62.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (*a*) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van, of in verband met, die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word, en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

(*c*) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-second day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 4/8/2179.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ORIGINAL HOMES (PROPRIETARY), LIMITED, UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE REMAINDER OF PORTION 37 OF THE FARM KLIPFONTEIN NO. 203, REGISTRATION DIVISION I.Q., DISTRICT OF JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Cresta.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.4088/62.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire-fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(*c*) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (*c*) genoem, moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref word vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van vuilwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas-, stortings- en Bantoelokasieterreine.*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en 'n Bantoelokasie. As sodanige verskaffing bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur beperk word nie.

7. *Mineraleregte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes wat by die pagvrygrondbesitters berus of hierna kan berus, word aan die applikant voorbehou.

8. *Strate.*

(*a*) Die applikant moet die strate in die dorp vorm en skraap tot voldoening van die plaaslike bestuur en is aanspreeklik vir die onderhoud daarvan tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, van tyd tot tyd geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef.

(*b*) Die strate moet tot voldoening van die plaaslike bestuur name gegee word.

9. *Skenking.*

Die applikant moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepalings van paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 15% (vyftien persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie) sodanige waarde bereken te word soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (*d*).

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (*c*) shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites.*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Bantu location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones which may be or become vested in the freehold owner, shall be reserved to the applicant.

8. *Streets.*

(*a*) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Board and the local authority.

(*b*) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

9. *Endowment.*

The applicant shall, subject to the provisos to paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 15% (fifteen per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of such disposal and to be determined in the manner set out in the said paragraph (*d*).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority or official the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement accept a statement to that effect.

10. *Grond vir Staats- en ander doeleindes.*

Die volgende erwe, op die Algemene Plan aangewys, moet deur en op koste van die applikant, aan die betrokke owerhede oorgedra word:—

(*a*) Vir Staatsdoeleindes:—

Onderwys: Erf No. 46.

(*b*) Vir Munisipale doeleindes:—

(i) As 'n park: Erf No. 58.
(ii) As transformatorterreine: Erwe Nos. 12 en 26.

11. *Skikking van bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte maar sonder inbegrip van die serwituut vir die retikulasie van water gehou onder Serwituutsakte No. 830/60S, wat slegs Erwe Nos. 38 tot 46, 52 en 53 en strate in die dorpsgebied raak.

12. *Toegang.*

(*a*) Toegang tot Provinsiale Pad No. P. 103/1 word beperk tot die kruising tussen Erwe Nos. 55 en 56.

(*b*) Die applikant moet 'n behoorlike ontwerp-aanlegplan met betrekking tot die toegang tussen Erwe Nos. 55 en 56 vir goedkeuring van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, voorlê.

(*c*) Die applikant moet hierdie aanleg op eie koste bou en van 'n blad voorsien en moet planne en spesifikasies wat aanneemlik is vir die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, verskaf.

13. *Oprigting van heining of ander fisiese versperring.*

Die applikant moet op eie koste 'n draadheining vier voet hoog, of ander fisiese versperring langs die „geen toegang"-lyn tot voldoening van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, oprig wanneer laasgenoemde hom daartoe versoek en die applikant moet sodanige heining of fisiese versperring in goeie orde onderhou tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die applikant se aanspreeklikheid om die heining of fisiese versperring te onderhou, ophou wanneer die aanspreeklikheid vir die onderhoud van die strate deur die plaaslike bestuur oorgeneem word.

14. *Toepassing van die vereistes van die beherende gesag aangaande padreserwes.*

Die applikant moet die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, tevrede stel aangaande die nakoming van sy vereistes.

15. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persone of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

(i) die erwe in klousule A 10 hiervan genoem;
(ii) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad, die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(*a*) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

10. *Land for State and Other Purposes.*

The following erven shown on the general plan, shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant:—

(*a*) For State purposes:—

Educational: Erf No. 46.

(*b*) For municipal purposes:—

(i) As a park: Erf No. 58.
(ii) As transformer sites: Erven Nos. 12 and 26.

11. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions, if any, including the reservation of rights to minerals but excluding the servitude for water reticulation held under Deed of Servitude No. 830/60S, which affects Erven Nos. 38 to 46, 52 and 53 and streets in the township only.

12. *Access.*

(*a*) Access to Provincial Road No. P.103/1 is restricted to the intersection between Erven Nos. 55 and 56.

(*b*) The applicant shall submit a proper design lay-out in respect of the access between erven Nos. 55 and 56 for approval by the Director, Transvaal Roads Department.

(*c*) The applicant shall build and surface this lay-out at his own expense and shall provide plans and specifications acceptable to the Director, Transvaal Roads Department.

13. *Erection of Fence or Other Physical Barrier.*

The applicant shall, at his own expense, erect a wire fence, 4 feet high, or other physical barrier along the "no access" line, to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department, when required to do so by him and the applicant shall maintain such fence or physical barrier in good order and repair until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the applicant's responsibility to maintain the fence or physical barrier shall cease when the responsibility for the maintenance of the streets is taken over by the local authority.

14. *Enforcement of the Requirements of the Controlling Authority regarding Road Reserves.*

The applicant shall satisfy the Director, Transvaal Roads Department, regarding the enforcement of his requirements.

15. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) the erven mentioned in clause A 10 hereof;
(ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and
(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(*a*) The applicant and any other person or body of persons so authorised, in writing, by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(*b*) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(*c*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(*d*) Behalwe met die toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.

(*e*) Geen geboue van hout en/of sink of van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(*f*) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om stormwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat toe af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die stormwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(*g*) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue as waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(*h*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die ef te vervaardig of te laat vervaardig.

(*j*) Behalwe met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of die gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R5,000 wees;

(ii) die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

(*k*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

(*l*) Uitgesonderd met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur moet die dakke van alle geboue wat op die erf opgerig word van teëls, dakspane, leiklip, dekgras of beton wees.

2. *Boulynbeperkings.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit is die volgende erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) *Erwe Nos.* 1 *tot* 11, 13 *tot* 25, 27 *tot* 45, *en* 47 *tot* 52.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet van die straatgrens daarvan geleë wees.

(*b*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*c*) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*d*) Except with the consent of the local authority, no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(*e*) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*f*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(*g*) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required.

(*h*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*j*) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R5,000;

(ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*k*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(*l*) Except with the permission, in writing, of the local authority the roofs of all buildings erected on the erf shall be of tiles, shingles, slate, thatch or concrete.

2. *Building Line Restrictions.*

In addition to the relevant conditions set out above, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) *Erven Nos.* 1 *to* 11, 13 *to* 25, 27 *to* 45, *and* 47 *to* 52.—Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(*b*) *Erwe Nos.* 53 *tot* 57.—Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 40 voet van die oostelike grens af en minstens 25 voet van enige ander straatgrens daarvan geleë wees.

3. *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs slegs een van sy grense soos deur die plaaslike bestuur bepaal, uitgesonderd 'n straatgrens.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

4. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat aan hulle geheg word:—

(*a*) „Applikant" beteken Original Homes (Proprietary), Limited, en sy opvolgers in titel tot die dorp.

(*b*) „Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

5. *Staats- en munisipale erwe.*

As enige erf genoem in klousule A 10 of erwe wat verkry word soos beoog in klousule B 1 (ii) en (iii) hiervan, in die besit kom van enigiemand anders as die Staat of die plaaslike bestuur, is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voornoemde of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad, toelaat.

(*b*) *Erven Nos.* 53 *to* 57.—Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 40 feet from its eastern boundary and not less than 25 feet from any other of its boundaries abutting on a street.

3. *Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(*b*) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within six feet thereof.

(*c*) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicant" means Original Homes (Proprietary), Limited, and its successors in title to the township.

(ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

5. *State and Municipal Erven.*

Should any erf referred to in clause A 10 or erven acquired as contemplated in clauses B 1 (ii) and (iii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Board.

No. 180 (Administrateurs-), 1963.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal by Administrateurskennisgewing No. 160 van 13 Junie 1962, die grense van die Munisipaliteit Krugersdorp verander is ingevolge artikel *nege* (7) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, deur die inlywing in sodanige munisipaliteit van die gebiede omskryf in die Bylae daarvan;

En nademaal die aantal wyke her-vasgestel deur die Administrateur, ingevolge artikel *twaalf* (1) (*a*) (i) van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1927, onveranderd bly;

En nademaal Wyke Nos. 3, 7 en 9 vergroot kan word deur die toevoeging tot sodanige wyke van die ingelyfde gebiede sonder dat die aantal kiesers in sodanige wyke meer is as vyftien persent bo die kwota verkry vir die doel van die verdeling van sodanige munisipaliteit in sodanige bestaande wyke;

En nademaal ooreenstemming bereik is met die raad van sodanige munisipaliteit oor die grense van die genoemde wyke;

No. 180 (Administrator's), 1963.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas by Administrator's Notice No. 160 of 13th June, 1962, the boundaries of the Municipality of Krugersdorp were altered in terms of section *nine* (7) of the Local Government Ordinance, 1939, by the inclusion in such municipality of the areas described in the Schedule thereto;

And whereas the number of wards redetermined by the Administrator in terms of section *twelve* (1) (*a*) (i) of the Municipal Elections Ordinance, 1927, remains unaltered;

And whereas Wards Nos. 3, 7 and 9 can be enlarged by the addition to such wards of the areas incorporated without causing the number of voters in such wards to be more than fifteen per cent above the quota obtained for the purpose of the division of such municipality into such existing wards;

And whereas agreement has been reached with the Council of the said municipality on the boundaries of the said wards;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by paragraaf (*c*) van artikel *twaalf bis* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1927, by hierdie Proklamasie proklameer dat die gebiede van Wyke Nos. 3, 7 en 9 van die Munisipaliteit Krugersdorp hierby gewysig word deur die toevoeging tot sodanige wyke van die ingelyfde gebiede en dat die grense van genoemde Wyke Nos. 3, 7 en 9 is soos omskryf in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.L.G. 4/2/18.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—OMSKRYWING VAN WYKE NOS. 3, 9 EN 7.

Wyk 3.

Die gebied wat deur die volgende grense ingesluit word: Van die kruispunt van Delportlaan met Windramstraat in Krugersdorp-Wes, noordwaarts langs die middel van Delportlaan en die westelike grens van die plaas Waterval No. 175—I.Q. tot by die hoekbaken van die plase Sterkfontein No. 173—I.Q., Waterval No. 175—I.Q. en Waterval No. 174—I.Q.; daarvandaan weswaarts langs die grens van Sterkfontein No. 173—I.Q. tot by die suidwestelike hoek van Gedeelte 43 van Sterkfontein No. 173—I.Q.; daarna noordwaarts en ooswaarts langs die grens van Gedeelte 43 tot by die spruit wat die oostelike grens vorm van Gedeelte D.B. van Sterkfontein 173—I.Q.; daarna noord- en weswaarts langs laasgenoemde grens tot by die suidoostelike hoek van Gedeelte 56 van Sterkfontein No. 173—I.Q.; daarna weswaarts langs die suidelike grense van Gedeeltes 56 en 57 tot by die oostelike grens van Gedeelte 61 van die plaas Sterkfontein No. 173—I.Q.; daarna algemeen noordwaarts langs laasgenoemde grens tot by die Munisipale grens; daarna ooswaarts, noordwaarts, ooswaarts en algemeen suidwaarts langs die Munisipale grens tot by die suidoostelike hoek van Protearidge-landbouhoewes; daarna algemeen weswaarts langs die noordelike grens van die restantgedeelte van Honingklip No. 178—I.Q. tot by 'n punt in die middel van die Krugersdorp-Hekpoortpad; daarna suidwaarts langs die middel van laasgenoemde pad tot by die grenslyn van Paardeplaats No. 177—I.Q.; daarna weswaarts langs genoemde plaasgrens tot by die hoekbaken tussen die plase Waterval No. 175—I.Q. en Paardeplaats No. 177—I.Q.; daarna suidwaarts langs die oostelike grens van die plaas Waterval No. 175—I.Q. en die dorp Krugersdorp-Wes tot by 'n punt in die middel van Windramstraat; daarna weswaarts langs die middel van Windramstraat en deur die Krugersdorp-Wespark tot by die aanvangspunt.

Wyk 9.

Die gebied wat deur die volgende grense ingesluit word: Van 'n punt in Vierde Straat tussen Blommesteinstraat en Kingdonstraat noordwaarts langs die middel van Vierde Straat en verder langs Sterkfonteinweg tot by 'n punt direk teenoor 'n voortsetting van die suidelike grens van Munsieville-bantoedorp; daarna weswaarts langs die suidelike grens van Munsieville-bantoedorp tot by die oostelike grens van Waterval No. 175—I.Q.; daarna noordwaarts langs laasgenoemde grens tot by die hoekbaken van Waterval No. 175—I.Q. en Paardeplaats No. 177—I.Q.; daarna ooswaarts langs die Paardeplaats No. 177—I.Q.-plaasgrens tot by 'n punt in die middel van die Krugersdorp-Hekpoortpad; daarna algemeen noordwaarts langs die middel van laasgenoemde pad tot by 'n punt reg teenoor die noordelike grens van die restant gedeelte van Honingklip No. 178—I.Q.; daarna ooswaarts langs die noordelike grens van die restant gedeelte van Honingklip No. 178—I.Q. tot by die Munisipale grens; daarna algemeen ooswaarts langs die Munisipale grens

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*c*) of section *twelve bis* of the Municipal Elections Ordinance, 1927, I do by this my Proclamation proclaim that the areas of Wards Nos. 3, 7 and 9 of the Municipality of Krugersdorp are hereby amended by the addition to such wards of the areas incorporated and that the boundaries of the said Wards Nos. 3, 7 and 9 are as described in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Twelfth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.L.G. 4/2/18.

SCHEDULE.

KRUGERSDORP MUNICIPALITY—DESCRIPTION OF WARDS NOS. 3, 7 AND 9.

Ward 3.

The area included in the following boundaries: From the intersection of Delport Avenue with Windram Street in West Krugersdorp proceeding northwards along the centre of Delport Avenue and the western boundary of the farm Waterval No. 175—I.Q., to the corner beacon of the farms Sterkfontein No. 173—I.Q., Waterval No. 175—I.Q. and Waterval No. 174—I.Q.; thence westwards along the boundary of Sterkfontein No. 173—I.Q. to the south-western corner of Portion 43 of Sterkfontein No. 173—I.Q.; thence northwards and eastwards along the boundary of Portion 43 to the spruit which forms the eastern boundary of Portion D.B. of Sterkfontein No. 173—I.Q.; thence northwards and westwards along this boundary to the south-eastern corner of Portion 56 of Sterkfontein No. 173—I.Q.; thence westwards along the southern boundaries of Portion 56 and 57 to the eastern boundary of Portion 61 of the farm Sterkfontein No. 173—I.Q.; thence generally northwards along this boundary to the Municipal boundary; thence eastwards, northwards, eastwards and generally southwards along the Municipal boundary to the south-eastern corner of the Protea Ridge Agricultural Holdings; thence generally westwards along the northern boundary of the remaining portion of Honingklip No. 178—I.Q. to a point in the centre of the Krugersdorp/Hekpoort Road; thence southwards along the centre of this road to the boundary of Paardeplaats No. 177—I.Q.; thence westwards along this farm boundary to the corner beacon between the farms Waterval No. 175—I.Q. and Paardeplaats No. 177—I.Q.; thence southwards along the eastern boundary of the farm Waterval No. 175—I.Q. and the West Krugersdorp Township to a point in the centre of Windram Street; thence westwards along the centre of Windram Street through West Krugersdorp to the point of commencement.

Ward 9.

The area included within the following boundaries: Commencing at a point in Fourth Street midblock between Blommestein and Kingdon Streets proceeding northwards along the centre of Fourth Street and continuing along Sterkfontein Road to a point directly opposite a continuation of the southern boundary of Munsieville Bantu Township; thence westwards along the southern boundary of Munsieville Bantu Township to the south-eastern corner of Waterval No. 175—I.Q.; thence northwards along this boundary to the corner beacon of Waterval No. 175—I.Q. and Paardeplaats No. 177—I.Q.; thence eastwards along the boundary of Paardeplaats No. 177—I.Q. to a point in the centre of the Krugersdorp-Hekpoort Road; thence generally northwards along the centre of the Hekpoort Road to a point directly opposite the northern boundary of the remaining portion of Honingklip No. 178—I.Q.; thence eastwards along the northern boundary of the remaining portion of Honingklip No. 178—I.Q. to the Municipal boundary; thence generally eastwards along the Municipal boundary to the centre of

tot by die middelpunt van die Krugersdorp-Muldersdriftpad; daarna suidwaarts langs die middel van laasgenoemde pad tot by 'n punt waar die noordelike grens van Chancliffландbouhoewes die Krugersdorp-Muldersdriftpad kruis; daarna algemeen ooswaarts, suidwaarts en weswaarts langs die grens van Chancliffландbouhoewes tot by die middel van die Krugersdorp-Muldersdriftpad; daarna suidwaarts langs die middel van laasgenoemde pad en Simon Bekkerrylaan tot by Beginstraat; daarna langs die middel van Beginstraat tot by Premierstraat; daarna weswaarts langs die middel van Premierstraat tot by Eerste Straat; daarna suidwaarts langs die middel van Eerste Straat tot by Blommesteinstraat; daarna weswaarts langs die middel van Blommesteinstraat tot by Tweede Straat; daarna suidwaarts langs die middel van Tweede Straat tot by 'n punt presies halfpad tussen Blommestein- en Kingdonstraat; daarna weswaarts tussen Blommestein- en Kingdonstraat tot by die aanvangspunt.

Wyk 7.

Die gebied wat deur die volgende grense ingesluit word: Van 'n punt by die kruispunt van Rory- en Sanerstraat in Wentworthpark ooswaarts langs die noordelike grens van die dorp Wentworthpark tot by Voortrekkerweg in Monument Uitbreiding No. 1; daarna ooswaarts langs die middel van Voortrekkerweg tot by Frederick Cooperrylaan in die dorp Kenmare; daarna noordwaarts langs die middel van Frederick Cooperrylaan tot by Erinstraat; daarna noordooswaarts langs die middel van Erinstraat tot by Willoughbystraat; daarna suidooswaarts langs die middel van Willoughbystraat tot by Patrickpad; daarna noordooswaarts langs die middel van Patrickpad tot by Donegalpad; daarna ooswaarts langs die middel van Donegalpad tot by 'n punt op die oostelike grens van Kenmare Uitbreiding No. 1 en die dorp Kenmare; daarna noordwaarts en weswaarts langs die grense van Kenmare Uitbreiding No. 1 en die dorp Kenmare tot by die noordelike aansluitingsbaken tussen die dorpe Kenmare en Monument Uitbreiding No. 1; daarna noordweswaarts langs die grens van Monument Uitbreiding No. 1 tot by die suidoostelike hoek van Gedeelte 124 van Paardeplaats No. 177—I.Q.; daarna noordweswaarts en noordwaarts langs die westelike grens van Gedeeltes 124, 136, 138 en 137 van Paardeplaats No. 177—I.Q. en dan langs die oostelike grens van Gedeelte 1 van Gedeelte A van 'n gedeelte van Paardeplaats No. 177—I.Q. tot by die noordoostelike hoekbaken van laasgenoemde gedeelte; daarna noordooswaarts en noordwaarts langs Gedeelte H.H. van Paardeplaats No. 177—I.Q.; daarna noordwaarts langs die noordelike grens van Gedeelte Y en die suidwestelike grens van Gedeelte B almal van Paardeplaats No. 177—I.Q. tot by die middelpunt van die Muldersdrift-Krugersdorppad; daarna noordooswaarts langs die middel van die betrokke pad tot by 'n punt waar die suidelike grens van Chancliffландbouhoewes die betrokke pad kruis; daarna ooswaarts, noordooswaarts en noordwaarts al langs die oostelike grens van Chancliffландbouhoewes tot by die middelpunt van die Krugersdorp-Muldersdriftpad op die noordelike grens van Chancliffландbouhoewes; daarna noordooswaarts langs die Muldersdrift-Krugersdorppad tot by die Munisipale grens; daarna ooswaarts, suidooswaarts, suidwaarts, ooswaarts, suidwaarts, weswaarts en suidwaarts langs die Munisipale grens tot by 'n punt waar die Roodepoort-Randfonteinspoorlyn die Munisipale grens kruis; daarna weswaarts langs die betrokke spoorlyn tot by die noordwestelike hoek van die dorp Lewisham; daarna suidwaarts langs die westelike grens van die dorp Lewisham tot by die suidoostelike hoek van die dorp Wentworthpark; daarna langs die suidelike grens van die dorp Wentworthpark tot by die kruispunt met die Roodepoort-Randfonteinspoorlyn; daarna in die algemeen weswaarts tot by 'n punt in die middel van die voortsetting van John Hoatsonstraat; daarna noordwaarts langs die middel van John Hoatsonstraat tot by 'n punt waar die middellyn van Kimberleystraat John Hoatsonstraat kruis; daarna noordooswaarts langs die middel van Kimberleystraat tot by Rorystraat; daarna noordweswaarts langs die middel van Rorystraat tot by die aanvangspunt.

the Krugersdorp-Muldersdrift Road; thence southwards along the centre of this road to a point where the northern boundary of the Chancliff Agricultural Holdings crosses the Krugersdorp-Muldersdrift Road; thence generally eastwards, southwards and westwards along the boundary of the Chancliff Agricultural Holdings to the centre of the Krugersdorp-Muldersdrift Road; thence southwards along the centre of this road and Simon Bekker Drive to Begin Street; thence along the centre of Begin Street to Premier Street; thence westwards along the centre of Premier Street to First Street; thence southwards along the centre of First Street to Blommestein Street; thence westwards along the centre of Blommestein Street to Second Street; thence southwards along the centre of Second Street to midblock between Blommestein and Kingdon Streets; thence westwards along such midblock to the point of commencement.

Ward 7.

The area included within the following boundaries: From a point at the intersection of Rory and Saner Streets in Wentworth Park proceeding eastwards along the northern boundary of Wentworth Park to Voortrekker Road in Monument Extension; thence eastwards along the centre of Voortrekker Road to Frederick Cooper Drive in Kenmare Township; thence northwards along the centre of Frederick Cooper Drive to Erin Street; thence north-eastwards along the centre of Erin Street to Willoughby Street; thence south-eastwards along the centre of Willoughby Street to Patrick Road; thence north-eastwards along the centre of Patrick Road to Donegal Road; thence eastwards along the centre of Donegal Road to a point on the eastern boundaries of Kenmare Extension No. 1 and Kenmare Township; thence northwards and westwards along the boundaries of Kenmare Extension No. 1 and Kenmare Township to the northern connecting beacon between Kenmare and Monument Extension No. 1 Township; thence north-westwards along the boundary of Monument Extension No. 1 to the south-eastern corner of portion 124 of Paardeplaats No. 177—I.Q.; thence north-westwards and northwards along the western boundary of Portions 124, 136, 138 and 137 of Paardeplaats No. 177—I.Q., proceeding along the eastern boundaries of Portion 1 and Portion A of a portion of Paardeplaats No. 177—I.Q. to the north-eastern corner beacon of the last-named portion; thence north-eastwards and northwards along Portion H.H. of Paardeplaats No. 177—I.Q.; thence northwards along the northern boundary of Portion Y and the south-western boundary of Portion B of Paardeplaats No. 177—I.Q. to the centre of the Muldersdrift-Krugersdorp Road; thence north-eastwards along the centre of this road to a point of intersection of the southern boundary of the Chancliff Agricultural Holdings and the Muldersdrift-Krugersdorp Road; thence eastwards, north-eastwards and northwards along the eastern boundary of the Chancliff Agricultural Holdings to the centre of the Krugersdorp-Muldersdrift Road on the northern boundary of the Chancliff Agricultural Holdings; thence north-eastwards along the Muldersdrift-Krugersdorp Road to the Municipal boundary; thence eastwards, south-eastwards, southwards, eastwards, southwards, westwards and southwards along the Municipal boundary to the intersection of the Municipal boundary and the Roodepoort-Randfontein Railway line; thence westwards along such railway line to the north-western corner of Lewisham Township; thence southwards along the western boundary of Lewisham Township to the south-eastern corner of Wentworth Park Township; thence along the southern boundary of Wentworth Park to the intersection with the Roodepoort-Randfontein Railway line; thence generally westwards along such railway line to a point of the continuation of the centre line of John Hoatson Street; thence northwards along the centre of John Hoatson Street to the intersection in the centre of Kimberley Street and John Hoatson Street; thence north-eastwards along the centre of Kimberley Street to Rory Street; thence north-westwards along the centre of Rory Street to the point of commencement.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Administrateurskennisgewing No. 517.] [28 Augustus 1963.

PADREËLINGS OP DIE PLAAS SCHUINSDRIFT No. 75—J.P., DISTRIK MARICO.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 25 van 11 Januarie 1961 word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig subartikel (6) van artikel *nege-en-twintig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring te heg aan die padreëlings, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 08-083-23/24/Z/2.

ADMINISTRATOR'S NOTICES.

Administrator's Notice No. 517.] [28 August 1963.

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM SCHUINSDRIFT No. 75—J.P., DISTRICT MARICO.

With reference to Administrator's Notice No. 25 of 11th January, 1961, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased under the provisions of sub-section (6) of section *twenty-nine* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve the road adjustments, shown on the subjoined sketch plan.

D.P. 08-083-23/24/Z/2.



Administrateurskennisgewing No. 518.] [28 Augustus 1963.

MUNISIPALITEIT PIET RETIEF.—BANTOETEHUISREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gelees met artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende regulasies wat deur hom en die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling goedgekeur is ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van genoemde Wet:—

MUNISIPALITEIT PIET RETIEF.—BANTOETEHUISREGULASIES.

Woordomskrywing.

1. In hierdie regulasies, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken—

"Bantoe" 'n Naturel soos omskryf in artikel *een* van die Wet;

"Wet" die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945);

"bed" ook 'n bed en 'n sluitkassie;

"Raad" die Stadsraad van Piet Retief;

"tehuis" enige gebou of groep geboue of hutte wat ingevolge paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet afgesonder en aangelê is;

"tehuiseenheid" ook een of meer slaapkamers tesame met 'n gemeenskaplike kombuis en eetkamer, waarvan almal 'n gemeenskaplike ingang en uitgang het;

"tehuispermit" 'n dokument aan 'n inwoner deur die superintendent uitgereik waarin vermeld word dat sodanige inwoner geregtig is om in die tehuis in te woon, onderworpe aan hierdie regulasies, vir 'n tydperk in die dokument vermeld;

Administrator's Notice No. 518.] [28 August 1963.

PIET RETIEF MUNICIPALITY.—BANTU HOSTEL REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, read with section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the following regulations which have been approved by him and the Minister of Bantu Administration and Development in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the said act:—

PIET RETIEF MUNICIPALITY.—BANTU HOSTEL REGULATIONS.

Definitions.

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise—

"Act" means the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945);

"bed" means and includes a bed and a locker;

"Bantu" means a Native as defined in section *one* of the Act;

"Council" means the Town Council of Piet Retief;

"hostel" means any building or group of buildings or huts, which have been set apart and laid out under paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *two* of the Act;

"hostel unit" means and includes one or more bedrooms, together with a communal kitchen and diningroom, all of which have a common entrance and exit;

"hostel permit" means a document issued to a resident by the superintendent wherein is stated that such resident is entitled to reside in the hostel, subject to these regulations, for a period stated in the document;

"bestuurder" 'n beampte van die Raad deur die Raad aangestel of benoem vir die bestuur van sy Afdeling Nie-Blanke Sake en behoorlik gelisensieer ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet;

"geneeskundige beampte" die beampte in die Raad se diens wat vir die oomblik wettig optree in die hoedanigheid van geneeskundige gesondheidsbeampte of geneeskundige assistent-gesondheidsbeampte en omvat 'n geneesheer in diens van die Raad wat deur die geneeskundige gesondheidsbeampte aangestel word om enigeen van die funksies van die geneeskundige beampte ingevolge hierdie regulasies te verrig;

"inwoning" ook gebruik van 'n bed in die tehuis, en die gebruik van gemeenskaplike kombuise en eetkamers, sanitêre geriewe, reinigings-, klerewas- en ander geriewe wat deur die Raad verskaf word, en "*inwoon*" en "woonagtig" het ooreenstemmende betekenisse;

"inwoner" 'n manlike Bantoe wat die houer is van 'n geldige tehuispermit en in die tehuis woonagtig is;

"superintendent" 'n amptenaar of dienaar van die Raad, deur die Raad aangestel of benoem vir die bestuur van die tehuis, en wat behoorlik gelisensieer is ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet.

Bedinge en voorwaardes van inwoning.

2. Inwoning in die tehuis is onderworpe aan die volgende bedinge en voorwaardes en elke inwoner is aan hierdie bedinge en voorwaardes gebonde en moet hom dienooreenkomstig gedra:—

(*a*) Gelde vir inwoning is vooruitbetaalbaar teen die tarief in Bylae A bepaal.

(*b*) Die Raad is in geen omstandighede verplig om die geheel of 'n gedeelte van enige gelde terug te betaal, wat vir inwoning betaal is nie.

(*c*) Geen inwoner mag sonder die skriftelike toestemming van die superintendent sy reg op 'n bed aan iemand anders oordra of dit andersins oormaak nie. Die inwoner moet die bed gebruik wat deur die superintendent aan hom toegewys word en mag nie sonder die skriftelike toestemming van die superintendent enige ander bed gebruik nie.

(*d*) 'n Inwoner is persoonlik aanspreeklik vir enige skade wat hy berokken aan die bed deur hom gebruik. Wanneer ook al 'n bed aan 'n inwoner toegewys word, moet hy hom daarvan vergewis dat sodanige bed in 'n goeie toestand is, en hy moet onverwyld enige gebrek rapporteer aan die superintendent wat 'n register moet hou van gebreke wat aldus onder sy aandag gebring is. Ingeval 'n inwoner versuim om sodanige gebreke te rapporteer binne 48 uur na die toewysing van die bed aan hom, is hy persoonlik aanspreeklik vir sodanige gebreke.

(*e*) Onderworpe aan die bepalings in subparagraaf (*d*) vervat, is inwoners wat gesamentlik 'n slaapkamer of enige ander kamer of gebou in die tehuis of tehuisgebied bewoon of gebruik, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir enige verlies van of skade wat hulle berokken aan enige meubels, uitrusting of toebehore, die eiendom van die Raad in sodanige kamer.

(*f*) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade wat 'n inwoner kan ly as gevolg van diefstal of om watter ander rede ook al nie.

(*g*) Die Raad is geensins verplig om geneeskundige versorging of behandeling vir enige inwoner te verskaf nie, maar kan deur bemiddeling van die geneeskundige beampte, of geneeskundige versorging en behandeling by die tehuis verskaf, of, as dit na die mening van die geneeskundige beampte in die belang van 'n inwoner of in die belang van ander inwoners is, 'n inwoner stuur of laat stuur na 'n hospitaal of ander geskikte plek vir behandeling en in laasgenoemde geval is die Raad geregtig om op die inwoner enige koste te verhaal, wat deur die Raad aangegaan is. Geen bepaling in hierdie paragraaf vervat raak die toepassing van enige regulasies opgestel ingevolge die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), soos gewysig nie.

"manager" means an official of the Council, appointed or assigned by the Council for the management of its Department of Non-European Affairs and duly licensed in terms of the provisions of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Act;

"medical officer" means the officer in the Council's service for the time being lawfully acting in the capacity of medical officer of health or assistant medical officer of health, and includes a medical practitioner in the service of the Council, deputed by the medical officer of health to perform any of the functions of the medical officer under these regulations;

"residence" includes occupation of a bed in the hostel, and the use of such communal kitchens and dining-room, sanitary conveniences, ablution, clothes washing and other facilities as may be provided by the Council, and "reside" and "residing" have corresponding meanings;

"resident" means a male Bantu who is the holder of a current hostel permit and who resides in the hostel;

"superintendent" means an officer or servant of the Council appointed or assigned by the Council for the management of the hostel and duly licensed in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Act.

Terms and Conditions of Residence.

2. Residence in the hostel shall be on the following terms and conditions and every resident shall be bound by these terms and conditions and shall conduct himself in accordance therewith:—

(*a*) Charges for residence shall be paid in advance at the rates laid down in Schedule A.

(*b*) The Council shall in no circumstances be under an obligation to refund the whole or part of any payment made as charges for residence.

(*c*) No resident shall, without the consent in writing of the superintendent, transfer or otherwise dispose of his right to a bed. The resident shall occupy such bed as is allocated to him by the superintendent and he shall not without the written consent of the superintendent occupy any other bed.

(*d*) A resident shall be personally responsible for any damage caused by him to the bed occupied by him. Whenever a bed has been allocated to a resident he shall satisfy himself that such bed is in good order and condition, and he shall forthwith report any defect to the superintendent who shall keep a record of defects thus brought to his notice. In the event of a resident failing to report such defect within 48 hours of the allocation of the bed to him, he shall be personally responsible for such defect.

(*e*) Subject to the provisions of sub-paragraph (*d*), residents who jointly occupy or use a bedroom or any other room or building in the hostel or hostel area, shall be jointly and severally liable for any loss or damage caused by them to any furniture, equipment or fittings, the property of the Council in such room.

(*f*) The Council shall not be responsible for any loss or damage which a resident may suffer as a result of theft or through any other cause.

(*g*) The Council shall be under no obligation to provide medical attendance or treatment for any resident, but may through the medical officer either provide medical attendance and treatment at the hostel, or if it is in the opinion of the medical officer in the interest of a resident or in the interest of other residents, send or cause a resident to be sent to a hospital or other suitable place of treatment, and in such latter event the Council shall be entitled to recover from the resident any costs incurred by the Council. Nothing in this paragraph contained shall affect the operation of any regulations framed under the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), as amended.

(*h*) Die geneeskundige beampte of die superintendent kan te eniger tyd die tehuis of enige gedeelte daarvan of van enige meubels of uitrusting daarin of van die persoonlike besittings van enige inwoner laat uitrook of ontsmet of beide en kan enige inwoner en sy klere wanneer hy tot die tehuis toegelaat word of gedurende sy inwoning laat ontsmet.

(*j*) Die geneeskundige beampte het, wanneer hy dit nodig ag, die bevoegdheid om 'n bewoner of 'n Bantoe wat aansoek doen om toelating as 'n bewoner van die tehuis, te ondersoek of hom deur 'n ander geneesheer te laat ondersoek.

(*k*) Inwoners moet te alle tye sindelikheid van persoon, klere en ander besittings handhaaf en moet hul kamers, die gemeenskaplike eetkamers, reinigings-, opwas- en sanitasiefasiliteite in 'n skoon en net toestand hou.

(*l*) Geen vuur mag in enige slaapkamer gemaak of gehou word nie.

(*m*) 'n Inwoner in besit van 'n fiets moet, wanneer die fiets nie in gebruik is nie, dit op sy eie risiko bêre.

(*n*) Geen inwoner mag klere was op 'n plek in die tehuis uitgesonderd die gemeenskaplike wasafdelings wat vir hierdie doel verskaf word nie.

(*o*) Inwoners moet alle voedsel voorberei en nuttig in die gemeenskaplike kombuis en eetkamer binne die tehuiseenheid wat deur hulle bewoon word, en niemand mag voedsel in enige ander plek binne die tehuis voorberei of nuttig nie: Met dien verstande dat 'n inwoner voedsel kan verwyder vir verbruik buite die tehuis.

(*p*) Geen inwoner mag enige voedsel in die tehuis bêre, behalwe in die houer wat vir die bewaring daarvan in die gemeenskaplike kombuis en eetkamer verskaf word nie, en sodanige houer moet in 'n skoon en sindelike toestand gehou word deur die persoon wat dit gebruik. Waar sodanige houer onder slot gehou word, moet sodanige persoon 'n duplikaatsleutel aan die superintendent vir inspeksiedoeleindes verskaf.

(*q*) Elke inwoner moet sy eie eet- en kookgerei verskaf.

(*r*) Inwoners mag eet- en kookgerei op geen plek uitgesonderd in die gemeenskaplike kombuis en eetkamers, was nie.

(*s*) Inwoners mag geen uitrusting of gerei wat aan die Raad behoort, uit die gemeenskaplike kombuis en eetkamers verwyder nie.

(*t*) (i) As 'n inwoner sonder die skriftelike toestemming van die superintendent vir sewe agtereenvolgende dae van die tehuis afwesig sou wees of vir sewe agtereenvolgende dae sou nalaat om 'n bed te gebruik, wat aan hom toegewys is, is die superintendent geregtig om die bed wat aan sodanige inwoner toegewys is, onmiddellik aan iemand anders toe te wys en sodanige inwoner hou dan op om 'n inwoner te wees.

(ii) Die sluitkassie wat aan so 'n inwoner toegewys is kan deur die superintendent oopgemaak word, selfs al is dit gesluit, en enige persoonlike besittings van sodanige inwoner, wat deur die superintendent in die sluitkassie of in die kwartiere voorheen deur sodanige inwoner bewoon gevind word, word deur die superintendent in 'n veilige plek bewaar en as dit binne 'n tydperk van ses maande nie opgeëis word nie, kan die superintendent dit so voordelig as moontlik verkoop. Die netto opbrengs van sodanige verkoping na aftrek van die bedrag van enige heffings wat verskuldig is of enige koste wat aangegaan is, val aan die Raad toe en die Bantoe-inkomsterekening word daarvoor gekrediteer: Met dien verstande dat, onderworpe aan die wette insake die administrasie en verdeling van Bantoeboedels, geen bepaling in hierdie subparagraaf vervat, beskou word as sou dit die erfgenaam van enige inwoner wat

(*h*) The medical officer or the superintendent may at any time cause the fumigation or disinfection or both of the hostel or of any portion thereof or of any furniture or equipment therein or of the personal effects of any resident, and may cause the disinfection of any resident and his clothing at the time of his admission to the hostel or at any time during his residence.

(*j*) The medical officer shall, whenever he considers it necessary, have the power to examine, or cause to be examined by another medical practitioner, any resident or any Bantu applying for admission as a resident of the hostel.

(*k*) Residents shall at all times maintain cleanliness of person, clothing and other effects and shall keep their rooms, the communal dining-rooms, ablution, washing and sanitation facilities in a clean and tidy condition.

(*l*) No fire shall be made or kept in any bedroom.

(*m*) Any resident in possession of a bicycle shall, when such bicycle is not in use, store it at his own risk.

(*n*) No resident shall wash clothing at a place in the hostel other than the communal wash-houses provided for this purpose.

(*o*) Residents shall prepare and consume all food in the communal kitchen and dining-room within the hostel unit occupied by them and no person shall prepare or consume food in any other place within the hostel: Provided that any resident may remove food for consumption outside the hostel.

(*p*) No resident shall store any food in the hostel except in the receptacle provided for the storage thereof in the communal kitchen and dining-room, and such receptable shall be kept in a clean and hygienic condition by the person using same. Where such receptacle is kept locked such person shall provide the superintendent with a duplicate key for purposes of inspection.

(*q*) Each resident shall provide his own eating and cooking utensils.

(*r*) Residents shall not wash eating and cooking utensils at a place other than in the communal kitchen and dining-rooms.

(*s*) Residents shall not remove from the communal kitchen and dining-rooms any equipment or utensils belonging to the Council.

(*t*) (i) Should a resident without the written permission of the superintendent, be absent from the hostel for seven consecutive days or for seven consecutive days fail to occupy the bed allocated to him, the superintendent shall be entitled to re-allocate the bed allocated to such resident forthwith, and such resident shall thereupon cease to be a resident.

(ii) The locker allocated to such resident may be opened by the superintendent, even if locked, and any personal effects of such resident found by the superintendent in the locker or in the quarters formerly occupied by such resident shall be kept by the superintendent in a safe place and if unclaimed within a period of six months may be sold to best advantage by the superintendent. The net proceeds of such sale after deducting the amount of any charges due or any expenses incurred shall accrue to the Council and shall be credited to the Bantu Revenue Account: Provided that, subject to the laws governing the administration and distribution of Bantu estates, nothing in this sub-paragraph contained shall be deemed to deprive the heir of any deceased resident of his

te sterwe kom sy reg ontneem op die persoonlike besittings van sodanige inwoner, of as sodanige besittings ingevolge hierdie subparagraaf verkoop is, die reg op die netto opbrengs van die verkoping.

(iii) Die superintendent moet 'n register byhou waarin volledige besonderhede opgeteken word van alle besittings wat ingevolge subparagraaf (ii) gehou word, die datum van retensie van sodanige besittings, die naam en die bednommer van die eienaar en die handtekening of die afdruk van die linkerduim van die persoon wat aanspraak maak op die eiendomsreg op sodanige besittings, en aan wie dit oorhandig is, of, in die geval van die verkoop van sodanige besittings, volledige besonderhede van die opbrengs, die koste aangegaan in verband daarmee en die datum van die verkoping.

(*u*) Indien enige inwoner wat na behoorlike waarskuwing deur die superintendent of sy gemagtigde assistent, nog steeds die bepalings en voorwaardes van inwoning in die tehuis, soos in die voorafgaande paragrawe uiteengesit, oortree of verontagsaam, kan die superintendent 'n skriftelike kennisgewing aan sodanige inwoner bestel waarin hy gelas word om die tehuis te ontruim en die tehuisgebied binne sewe dae te verlaat of na verstryking van sodanige tydperk as waarvoor hy vooruitbetaal het, watter tydperk ook al die kortste is.

Aansoek om inwoning.

3. (1) Iedere manlike Bantoe wat oënskynlik ouer as 18 jaar is en wat verlang om in die tehuis te woon, moet persoonlik by die superintendent aansoek doen wat, indien hy daarvan oortuig is dat huisvesting beskikbaar is en dat sodanige applikant—

(i) 'n bevoegde en geskikte persoon is om in die tehuis te woon;

(ii) werksaam is in die Raad se jurisdiksiegebied of wat daarbinne 'n wettige beroep uitoefen;

(iii) wettig daartoe geregtig is om die Raad se jurisdiksiegebied binne te kom, daarin te wees en te bly;

(iv) die bedinge en voorwaardes van inwoning soos bepaal in regulasies 2 en 4 verstaan, aanvaar en onderneem om daaraan te voldoen; en

(v) instem om medies ondersoek te word;

behoudens die bepalings van regulasie 10 van sodanige applikant 'n bedrag deur hom betaalbaar as gelde vir inwoning invorder en aan hom 'n bed toewys en aan hom 'n tehuispermit uitreik.

(2) Die superintendent kan vereis dat enige applikant vir inwoning in die tehuis 'n geneeskundige sertifikaat moet vertoon as bewys dat sodanige applikant geneeskundig geskik is om in die tehuis in te woon.

Gelde vir inwoning.

4. Iedereen wat ooreenkomstig regulasie 3 in die tehuis gehuisves word, moet vooruit aan die Raad by die kantoor van die superintendent sodanige bedrae betaal as wat toepaslik is en wat in Bylae A uiteengesit word.

Pligte van die superintendent.

5. (1) Die superintendent moet die tehuis bestuur ooreenkomstig hierdie regulasies en die wettige opdragte wat hy van tyd tot tyd van die Raad of van die bestuurder ontvang.

(2) Die superintendent moet veral—

(*a*) skriftelik verslag doen oor sodanige saak of ding wat op die tehuis of die inwoners betrekking het, as wat die Raad of die bestuurder vereis. 'n Afskrif van sodanige verslag lê ter insae van 'n amptenaar wat kragtens subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel word;

(*b*) toesien dat 'n afskrif van die Engelse en 'n afskrif van die Afrikaanse teks van hierdie regulasies en wysigings daarvan, saam met 'n vertaling van hierdie regulasies en wysigings daarvan in die Bantoetaal wat die meeste in die tehuis gebesig word, ter inligting van die inwoners op 'n opvallende plek op 'n aanplakbord by sy kantoor geplaas en in stand gehou word;

right to the personal effects of such resident, or if such effects have been sold in terms of this sub-paragraph, of the right to the net proceeds of the sale.

(iii) The superintendent shall maintain a register in which shall be recorded full particulars of all effects kept in terms of sub-paragraph (ii), the date of retention of such effects, the name and bed number of the owner, and the signature or left-thumb print of the person claiming ownership of such effects and to whom delivery has been made, or, in the case of the sale of such effects, full details of the amount realised, the expenses incurred in connection therewith and the date of sale.

(*u*) Should any resident, after due warning by the superintendent or his authorised assistent, persist in contravening or ignoring the terms and conditions of residence in the hostel as set out in the preceding paragraphs, the superintendent may serve written notice on such resident, ordering him to vacate and leave the hostel and the hostel area within seven days or at the expiry of such period as he might have paid for in advance, whichever is the shorter period.

Applications for Residence.

3. (*a*) Any Bantu male over the apparent age of 18 years who desires to reside in the hostel shall apply in person to the superintendent who, on being satisfied that accommodation is available and that such applicant—

(i) is a competent and suitable person to reside in the hostel;

(ii) is in employment in the area under the Council's jurisdiction or is carrying on a lawful occupation therein;

(iii) is lawfully permitted to enter, be and remain in the area under the Council's jurisdiction;

(iv) understands, accepts and undertakes to comply with the terms and conditions of residence as laid down in regulations 2 and 4; and

(v) agrees to be medically examined;

shall, subject to the provisions of regulation 10 collect from such applicant the amount payable by him as charges for residence and allocate to him a bed and issue to him a hostel permit.

(*b*) The superintendent may require any applicant for residence in the hostel to produce a medical certificate proving that such applicant is medically fit to reside in the hostel.

Charges for Residence.

4. Every person accommodated in the hostel in terms of regulation 3 shall pay to the Council in advance at the office of the superintendent such of the amounts set out in Schedule A as are applicable.

Duties of the Superintendent.

5. (1) The superintendent shall manage the hostel in accordance with these regulations and in accordance with such lawful instructions as he may from time to time receive from the Council or from the manager.

(2) In particular the superintendent shall—

(*a*) submit a written report on any such matter or thing pertaining to the hostel or to the residents as the Council or the manager may require him to report on. A copy of such report shall be kept available for inspection by an officer appointed under subsection (3) of section *twenty-two* of the Act;

(*b*) cause a copy of the English and a copy of the Afrikaans version of these regulations, and of any amendment thereto, together with a translation of these regulations and of any amendment thereto, into the Bantu language most commonly used in the hostel, to be placed and maintained in a conspicuous place on a notice board at his office for the information of residents;

(c) aan elke bed in die tehuis 'n nommer toewys en toesien dat sodanige toegewese nommer leesbaar geverf of geskryf word op 'n opvallende plek aan, of by die koppenent van die bed;

(d) 'n nommer toewys aan elkeen van die geboue wat deel van die tehuis uitmaak en sodanige nommer moet leesbaar geverf of geskryf word op 'n opvallende plek op die deur van sodanige gebou;

(e) bakke op geskikte plekke in die tehuis verskaf vir die opberging van vullis of rommel van watter aard ook al;

(f) toesien dat alle vloere, gange, wasafdelings, geriewe, paadjies en die tehuis in die algemeen in 'n skoon en higiëniese toestand gehou word;

(g) 'n register hou van al die inwoners. Die inwoner se naam, die naam van sy werkgewer, die persoonsnommer wat in sy bewysboek uitgereik ingevolge die Naturelle (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952 (Wet No. 67 van 1952) voorkom, moet in sodanige register aangeteken word;

(h) op 'n plek, goedgekeur deur die Raad, woon.

Uitreiking van duplikaat-tehuispermitte.

6. Waar 'n inwoner by die superintendent aansoek doen om 'n duplikaat van sy huidige tehuispermit, moet die superintendent 'n duplikaat daarvan uitreik teen betaling van 'n bedrag van 10c: Met dien verstande dat sodanige inwoner hom oortuig dat sodanige tehuispermit verloor, vernietig of beskadig is.

Intrekking van tehuispermitte en beëindiging van inwoning.

7. Enige inwoner—

(a) wat vir meer as dertig agtereenvolgende dae werkloos is; of

(b) wat deur die geneeskundige beampte gesertifiseer is aan 'n siekte of kwaal te ly wat na die mening van die geneeskundige beampte die gesondheid van die ander inwoners van die tehuis waarskynlik in gevaar kan bring; of

(c) wat weens 'n kriminele oortreding wat in die tehuis begaan is, veroordeel is;

kan deur skriftelike kennisgewing van die superintendent verplig word om nie langer in die tehuis te woon nie, en in sodanige geval moet hy binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing genoem word, die tehuis verlaat en in laasgenoemde geval word sy tehuispermit ongeldig van die datum en tyd van afloop van sodanige kennisgewing af.

8. Ingeval enige inwoner nalaat om 'n bedrag te betaal waarvoor hy ingevolge hierdie regulasies aanspreeklik is, binne ses dae van die datum nadat dit verskuldig en betaalbaar geword het, kan die superintendent sodanige inwoner beveel om die bed wat aan hom toegewys is onverwyld te ontruim en om die tehuis te verlaat en nie weer daarheen terug te keer nie.

Reg op toegang, huissoeking, inspeksie en ondersoek.

9. Die geneeskundige beampte, die bestuurder, die superintendent, enige amptenaar of dienaar van die Raad wat deur die Raad daartoe gemagtig is, of enige amptenaar ingevolge subartikel (1) of (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel, kan by die vervulling van sy pligte die tehuisgebied en enige gebou in die tehuis betree om daar te doen wat hy in die loop van sy pligte nodig ag.

Siek persone.

10. Niemand wat ly aan 'n siekte of kwaal wat na die mening van die geneeskundige beampte waarskynlik die gesondheid van die ander inwoners van die tehuis in gevaar kan stel, word toegelaat om die tehuis te betree of om daarin te woon nie.

Algemeen.

11. Niemand mag iemand wat enige reg op toegang, huissoeking, inspeksie of ondersoek het ingevolge die bepalings van regulasie 9 by die vervulling van sy pligte dwarsboom nie.

12. Niemand mag enige gedeelte van die tehuis of enige eiendom van die Raad of van enige ander persoon wat in die tehuis of in die tehuisgebied is, beskadig of laat beskadig, of peuter aan enige uitrusting in die tehuis of in die tehuisgebied, wat aan die Raad behoort nie.

(c) allot to each bed in the hostel a number, and cause the number so allotted to be legibly painted or inscribed in a conspicuous place at or near the head of the bed;

(d) allot a number to each of the buildings forming part of the hostel, and cause such number to be legibly painted or inscribed in a conspicuous place on the door of such building;

(e) provide receptacles at suitable places in the hostel for the deposit of rubbish or litter of any kind;

(f) cause all floors, passages, ablution blocks, conveniences, pathways and the hostel generally to be kept in a clean and hygienic condition;

(g) keep a register of all the residents. The resident's name, his employer's name, the identity number appearing in his reference book issued in terms of the Natives (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952 (Act No. 67 of 1952), shall be entered in such register;

(h) reside at a place approved by the Council.

Issue of Duplicate Hostel Permits.

6. Where a resident applies to the superintendent for a duplicate of his current hostel permit, the superintendent shall issue a duplicate thereof on payment of a fee of 10c: Provided that such resident satisfies him that such hostel permit has been lost, destroyed or mutilated.

Cancellation of Hostel Permits and Termination of Residence.

7. Any resident—

(a) who is unemployed for more than 30 consecutive days; or

(b) who is certified by the medical officer to be suffering from a sickness or disease which in the opinion of the medical officer is likely to endanger the health of the other residents of the hostel; or

(c) who has been convicted of a criminal offence committed in the hostel;

may be required by the superintendent by means of a written notice to cease to reside in the hostel, and in such event shall within a period to be specified in such notice, leave the hostel and in the latter event his hostel permit shall cease to be valid from the date and time of expiry of such notice.

8. Should any resident fail to pay any sum for which he may be liable under these regulations within six days of the date on which it becomes due and payable, the superintendent may order such resident forthwith to vacate the bed allocated to him and to leave the hostel and not to return thereto.

Right of Entry, Search, Inspection and Examination.

9. The medical officer, the manager, the superintendent, any officer or servant of the Council, who is authorised thereto by the Council, or any officer appointed in terms of sub-section (1) or (3) of section *twenty-two* of the Act, may, in the performance of his duties enter the hostel area and any building in the hostel there to do what he may deem necessary in the course of his duties.

Diseased Persons.

10. No person suffering from any disease or sickness which, in the opinion of the medical officer, is likely to endanger the health of the other residents of the hostel shall be permitted to enter or to reside in the hostel.

General.

11. No person shall obstruct any person who has any right of entry, search, inspection or examination in terms of the provisions of regulation 9 in the performance of his duties.

12. No person shall damage or cause to be damaged any portion of the hostel or any property of the Council or of any other person which is in the hostel or in the hostel area or tamper with any equipment in the hostel or in the hostel area, belonging to the Council.

13. Niemand mag 'n dier of 'n walglike of aanstootlike ding in die tehuis of die tehuisgebied inbring of hou of laat inbring of laat hou nie.

14. Behoudens die bepalings van regulasie 9, mag niemand die tehuis betree, daarin wees of bly nie, tensy hy 'n houer van 'n lopende en geldige tehuispermit is, of tensy hy 'n lopende skriftelike toestemming hou van die superintendent of van 'n persoon behoorlik deur die superintendent gemagtig om sodanige toestemming te verleen. In sodanige skriftelike toestemming moet die doel van die betreding voorkom en die tydperk waarvoor dit geldig is.

15. Niemand mag die openbare vrede in die tehuis versteur deur te skree, rusie te maak, te twis, te vloek of deur onkiese, vuil, beledigende of dreigende taal te besig of weens onbetaamlike, wanordelike of geweldadige gedrag, of deur in 'n beskonke toestand te verkeer nie.

16. Niemand mag aan 'n kennisgewing in die tehuis deur die superintendent of op sy gesag opgerig, peuter, dit ontsier of beskadig nie.

17. Niemand mag op enige plek in die tehuis, uitgesonderd 'n plek vir hierdie doeleindes verskaf, ontlas of urineer nie, en niemand mag enige as, vullis, rommel of ander afval êrens anders as in die houers plaas wat vir dié doel ingevolgde paragraaf (*e*) van subregulasie (2) van regulasie 5 verskaf word nie.

18. Niemand mag 'n knopkierie of ander gevaarlike wapen in die tehuis inbring of in besit daarvan wees nie.

19. Niemand mag enige spel of vermaaklikheid in die tehuis bestuur of daaraan deelneem wat uit die aard daarvan moontlik 'n stoornis kan veroorsaak, of die inwoners tot oorlas kan wees of aanstoot kan gee, of wat onbetaamlik is, of wat sedelike gedrag kan ondermyn nie.

20. Niemand mag in die tehuis dobbel nie.

21. Niemand mag die tehuis binnekom of verlaat behalwe deur die gewone ingang of uitgang nie.

Verstrekking van name en adresse.

22. Enigeen wat in die tehuis of tehuisgebied gevind word, moet aan die superintendent of enige assistent deur hom gemagtig of enige gemagtigde beampte, wanneer hy daarom gevra word, sy naam en adres verstrek.

Appèlle.

23. (1) Elke inwoner het die reg om by die Raad appèl aan te teken teen enige besluit of optrede van enige amptenaar aan wie die administrasie van hierdie regulasie opgedra is en wat sodanige persoon raak. By die verhoor van sodanige appèl het die appellant en sodanige amptenare die reg om persoonlik of deur 'n verteenwoordiger te verskyn en daarna het die Raad die reg om die beslissing van sodanige amptenaar te bekragtig, te herroep of te wysig, of sodanige ander bevel uit te reik al na hy goedvind.

(2) Enige appèl by die Raad moet skriftelik by die bestuurder aangeteken word binne een maand na die optrede van die amptenaar van die Raad teen wie sodanige appèl aangeteken word, by versuim waarvan die appèl verval, tensy die Raad om goeie rede verligting verleen.

(3) Elke inwoner het die verdere reg om by die Bantoesakekommissaris vir die gebied appèl aan te teken teen enige besluit of enige bevel van die Raad ingevolge subregulasie (1) en die Bantoesakekommissaris kan sodanige besluit of bevel van die Raad bekragtig, herroep of wysig, of sodanige ander bevel uitreik al na hy goedvind.

(4) Die appèl by die Bantoesakekommissaris moet skriftelik aangeteken word binne 'n maand na die beslissing of bevel van die Raad teen wie sodanige appèl aangeteken is, by versuim waarvan die appèl verval, tensy die Bantoesakekommissaris om goeie rede verligting verleen.

(5) Elke inwoner het 'n finale reg van appèl by die Hoofbantoesakekommissaris vir die gebied teen enige beslissing of bevel van die Bantoesakekommissaris kragtens subregulasie (3), en die Hoofbantoesakekommissaris kan sodanige beslissing of bevel van die Bantoesakekommissaris bekragtig, herroep of wysig of sodanige ander bevel uitreik al na hy goedvind.

13. No person shall bring into or keep in or cause to be brought into or kept in the hostel or the hostel area any animal or any noisome or offensive thing.

14. Subject to the provisions of regulation 9, no person shall enter, be or remain in the hostel unless he be the holder of a current and valid hostel permit or unless he holds a current written consent by the superintendent or a person duly authorised by the superintendent to give such consent. Such written consent shall state the purpose of entry and the period for which the same shall be valid.

15. No person shall in the hostel disturb the public peace by shouting, wrangling, quarrelling, swearing or by using obscene, abusive, insulating or threatening language, or by unseemly, disorderly or violent behaviour, or by drunkenness.

16. No person shall tamper with, deface or damage any notice put up in the hostel by the superintendent or on his authority.

17. No person shall defecate or urinate in any place in the hostel other than a place provided for these purposes and no person shall deposit any ash, rubbish, filth or other litter elsewhere than in the receptacles provided for the purpose in terms of paragraph (*e*) of sub-regulation (2) of regulation 5.

18. No person shall introduce into or be in possession in the hostel of a knobkerrie or other dangerous weapon.

19. No person shall conduct or participate in any game or entertainment in the hostel which from its character is likely to create a disturbance or to be a nuisance or annoyance to the residents or to be indecent or subversive of good morals.

20. No person shall gamble in the hostel.

21. No person shall enter or leave the hostel except by the regular entrance or exit.

Furnishing of Names and Addresses.

22. Any person found in the hostel or hostel area shall on demand furnish the superintendent or any assistant authorised by him or any authorised officer, with his name and address.

Appeals.

23. (1) Every resident shall have the right to appeal to the Council against any decision or action of any official charged with the administration of these regulations and affecting such person. At the hearing of such appeal the appellant and such officials shall have the right to appear personally or by representative and thereafter the Council shall have the right to confirm, reverse or alter the decision of such official or make such other order as it may think fit.

(2) Any appeal to the Council shall be noted in writing with the manager within one month after the action of the official of the Council against whom such appeal is lodged, in default whereof the appeal shall lapse, unless the Council grants relief on good cause shown.

(3) Every resident shall have the further right to appeal to the Bantu Affairs Commissioner for the area against any decision or order of the Council under sub-regulation (1) and the Bantu Affairs Commissioner may confirm, reverse or alter such decision or order of the Council or make such other order as he may deem fit.

(4) An appeal to the Bantu Affairs Commissioner shall be noted in writing within one month of the decision or order of the Council against which such appeal is lodged, in default whereof the appeal shall lapse, unless the Bantu Affairs Commissioner grants relief on good cause shown.

(5) Every resident shall have a final right to appeal to the Chief Bantu Affairs Commissioner for the area against any decision or order of the Bantu Affairs Commissioner under sub-regulation (3), and the Chief Bantu Affairs Commissioner may confirm, reverse or alter such decision or order of the Bantu Affairs Commissioner or make such order as he may deem fit.

(6) 'n Appèl by die Hoofbantoesakekommissaris moet by wyse van 'n beëdigde verklaring aangeteken word binne een maand na die beslissing of bevel van die Bantoesakekommissaris teen wie sodanige appèl aangeteken is, by versuim waarvan die appèl verval, tensy die Hoofbantoesakekommissaris om goeie rede verligting verleen.

Misdrywe en strafbepalings.

24. Enige persoon wat—

(*a*) die bepalinge van regulasie 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20 of 21 oortree, of ingebreke bly om daaraan te voldoen; of

(*b*) enige regulasies aangeplak en in stand gehou ingevolge paragraaf (*b*) van subregulasie (2) van regulasie 5 of enige nommer geverf of geskryf soos bepaal in paragraaf (*c*) of (*d*) van subregulasie (2) van regulasie 5, sonder magtiging van die Raad ontsier of vernietig of daaraan peuter; of

(*c*) tensy andersins daartoe gemagtig, die tehuis binnegaan of daarin bly behalwe met die skriftelike verlof van die superintendent of enigeen wat behoorlik deur hom daartoe gemagtig is; of

(*d*) versuim of weier om aan die superintendent of enige assistent deur hom gemagtig, of enige gemagtigde beampte sy volle naam en adres te verstrek of wat valse of onjuiste of misleidende inligting verstrek, wel wetende dat dit vals, onjuis of misleidend is; of

(*e*) nadat hy deur die superintendent ingevolge paragraaf (*u*) van regulasie 2 of regulasie 7 of 8 gelas is om die tehuis te verlaat, versuim of weier om die tehuis te verlaat binne die voorgeskrewe tydperk of na verstryking van die tydperk waarvoor hy huisvestinggelde vooruitbetaal het, watter tydperk ook al die kortste is; of

(*f*) in die tehuis dronk of onder die invloed van bedwelmende drank gevind word; of

(*g*) beledigend of aanstootlik is of wat enige bevel verontagsaam of nalaat om aan enige reëling wat die superintendent uitreik of maak vir die handhawing van goeie orde, dissipline of gesondheid in die tehuis te voldoen; of

(*h*) versuim om enige bedrag te betaal waarvoor hy ingevolge hierdie regulasies aanspreeklik is; of

(*j*) terwyl hy in die tehuis woonagtig is, weier om die geneeskundige beampte of enigeen wat deur hom daartoe gemagtig is, toe te laat om sy persoon, klere of besittings uit te rook of te ontsmet;

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe voorgeskryf in artikel *vier-en-veertig* van die Wet; Met dien verstande dat 'n Hof wat enigeen skuldig bevind aan 'n misdryf vermeld in paragraaf (*h*) benewens enige straf wat opgelê word—

(i) kan gelas dat sodanige persoon enige bedrag wat ingevolge hierdie regulasies aan die Raad verskuldig is, betaal; en

(ii) wanneer sodanige persoon versuim het om te ontruim of na ontruiming teruggekeer het na die tehuis, in stryd met hierdie regulasies, 'n bevel kan toestaan vir die summiere uitsetting van sodanige persoon of om sy terugkeer na die tehuis te verbied, na gelang van die geval;

en sodanige bevel het die uitwerking van 'n siviele uitspraak van sodanige Hof.

BYLAE A.

SKAAL VAN TEHUISGELDE EN -KOSTE.

	R c
(i) Per inwoner maandeliks vooruitbetaalbaar indien voor of op die 15de dag van enige kalendermaand gehuisves	1 15
Y Vyf nie-Blanke huurmotorpassasiers/*Five non-European taxi passengers.*

Z (1) Binne Mamelodi Dorpsgebied/*Within Mamelodi Township.*

(2) Op toevallige ritte buite gebied (1)/*On casual trips outside area* (1).

X 3924. Johannes Sibanyoni, Mamelodi-lokasie/*Location*, Pretoria. (Nuwe aansoek/*New application.*) TP 67280.

Y Vyf Bantoe huurmotorpassasiers/*Five Bantu taxi passengers.*

Z Van Mamelodi na Mans Hostel, Denneboom-stasie, Eerste Fabrieke en terug/*From Mamelodi to Mans Hostel, Eerste Fabrieke, Denneboom Station and back.*

X 7026. Radford Kunalo, Atteridgeville, Pretoria. (Nuwe aansoek/*New application.*) Voertuig/*vehicle:* TP 37620.

Y Vyf nie-Blanke huurmotorpassasiers/*Five non-European taxi passengers.*

Z Tussen Atteridgeville en Prinsloostraat/*Between Atteridgeville and Prinsloo Street.*

X 4297. Lazarus Phahlane, Vlakfontein, Pretoria. (Nuwe aansoek/*New application.*)

Y Vyf nie-Blanke huurmotorpassasiers (een voertuig)/*Five non-European taxi passengers (one vehicle).*

Z Binne 'n omtrek van 6 myl van Denneboom-stasie/*Within a radius of 6 miles from Denneboom Station.*

X 4978. Abraham Khoza, Mamelodi. (Bykomende voertuig/*Additional vehicle.*)

Y Vyf Bantoe huurmotorpassasiers/*Five Bantu taxi passengers.*

Z Tussen Mamelodi-lokasie en Denneboom-stasie/*Between Mamelodi Location and Denneboom Station.*

X 3369. Benjamin Motale, Atteridgeville, Pretoria. (Nuwe aansoek/*New application.*)

Y Vyf nie-Blanke huurmotorpassasiers (een voertuig)/*Five non-European taxi passengers (one vehicle).*

Z Tussen Saulsville en Pretoria oor Danville/*Between Saulsville and Pretoria via Danville.*

X 6605. Frans M. Muthbhine, Johannesburg. (Nuwe aansoek/*New application.*)

Y Vyf nie-Blanke huurmotorpassasiers (een voertuig)/*Five non-European taxi passengers (one vehicle).*

Z (1) Van Tshakhuma na Louis Trichardt-stasie oor Tlangelani-skool, Shirindi en Elim-hospitaal/*From Tshakhuma to Louis Trichardt Station via Tlangelani School, Shirindi and Elim Hospital.*

(2) Van Louis Trichardt-stasie na Donaland-hospitaal oor Elim-hospitaal, Tlangelini-skool, Shirindi en terug na Tlangelani-skool en Tschakhuma/*From Louis Trichardt Station to Donaland Hospital via Elim Hospital, Tlangelani School, Shirindi and back to Tlangelani School and Tschakhuma.*

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

SKUTVERKOPINGS.

Tensy voor die tyd gelos, sal die diere hieronder beskryf, verkoop word soos aangedui.

Persone wat navraag wens te doen aangaande die hieronder omskrewe diere moet, in die geval van diere in munisipale skutte, die Stadsklerk nader, en wat diere in distrikskutte betref, die betrokke Landdros.

BOKSBURG Munisipale Skut, op 24 Augustus 1963, om 9 vm.—1 Os, swartbont, regteroor gesny, ±5 jaar.

ERMELO Munisipale Skut, op 21 Augustus 1963, om 10 vm.—1 Koei, poenskop, rooi, albei ore jukskeimerk.

GELUK Skut, Distrik Brits, op 11 September 1963, om 11 vm.—1 Os, Afrikaner, rooi, regteroor halfmaan, 6 jaar; 1 muil, reun, bruin, 12 jaar.

GROOTFONTEIN Skut, Distrik Warmbad, op 4 September 1963, om 11 vm.—1 Bok, ooi, wit en bruin kop, albei ore stomp.

GROOTKUIL Skut, Distrik Rustenburg, op 4 September 1963, om 11 vm.—1 Os, Afrikanertipe, rooi, brandmerk WEO, linkeroor winkelhaak, regteroor stomp, 5 jaar.

KLERKSKRAAL Skut, Distrik Ventersdorp, op 4 September 1963, om 11 vm.—1 Perd, reun, bruin, 10 jaar; 1 perd, hings, bruin, 3 jaar.

KRUISFONTEIN Skut, Distrik Pretoria, op 4 September 1963, om 11 vm.—1 Os, Afrikaner, bruin, linkeroor stomp, 5 jaar; 1 vers, swart, linkeroor stomp, 4 jaar; 1 bul, bruin, brandmerk Z Ƀ ƶ, 3 jaar; 1 bul, rooi, brandmerk 1ƀG, linkeroor V-merk, 3 jaar; 1 muil, reun, swart, 7 jaar.

LICHTENBURG Munisipale Skut, op 23 Augustus 1963, om 10 vm.—1 Vers, swart, wit kol voor kop, 1 jaar; 1 tollie, liggeel, poenskop, 1 tot 2 jaar; 1 perd, reun, bruin met bles, 7 tot 8 jaar; 1 vers, rooi poenskop, regteroor slip, 4 tot 5 maande; 1 vers, 6 tot 9 maande; 1 tollie, swartbont, kol voor kop, 6 tot 9 maande; 1 vers, Friestipe, linkeroor stomp, 1 tot 2 jaar.

RIETFONTEIN Skut, Distrik Swartruggens, op 4 September 1963, om 11 vm.—1 Koei, rooi, brandmerk ƷYO, 8 jaar; 1 koei, rooi, brandmerk ƷYO, 6 jaar; 1 koei, donkerrooi, brandmerk ƷYO, 5 jaar; 1 koei, rooi, brandmerk ƷYO, 6 jaar; 1 vers, rooi, brandmerk ƷYO, 2 jaar.

SCHWEIZER RENEKE Munisipale Skut, op 30 Augustus 1963, om 10 vm.—1 Os, rooibont, regteroor swaelstert en halfmaan van agter, linkeroor stomp, ±4 jaar; 2 verse, swart, ±2 jaar.

WELTEVREDE Skut, Distrik Bethal, op 11 September 1963, om 11 vm.—1 Os, swart, regteroor stomp en sny van agter, 6 jaar.

POUND SALES.

Unless previously released, the animals described hereunder will be sold as indicated.

Persons desiring to make inquiries respecting the animals described hereunder, in the case of animals in municipal pounds, should address the Town Clerk; for those in district pounds, the Magistrate of the district concerned.

BOKSBURG Municipal Pound, on 24th August, 1963, at 9 a.m.—1 Ox, black and white, right ear slit, ±5 years.

ERMELO Municipal Pound, on 21st August, 1963, at 11 a.m.—1 Cow, red, polled, both ears yoke-skey mark.

GELUK Pound, District Brits, on 11th September, 1963, at 11 a.m.—1 Ox, Africander, 6 years, red, right ear half-moon; 1 mule, gelding, 12 years, brown.

GROOTFONTEIN Pound, District Warmbaths, on 4th September, 1963, at 11 a.m.—1 Goat, ewe, white with brown head, both ears cropped.

GROOTKUIL Pound, District Rustenburg, on 4th September, 1963, at 11 a.m.—1 Ox, Africander type, 5 years, red, branded WEO, left ear square, right ear cropped.

KLERKSKRAAL Pound, District Ventersdorp, on 4th September, 1963, at 11 a.m.—1 Horse, gelding, 10 years, brown; 1 horse, stallion, 3 years, brown.

KRUISFONTEIN Pound, District Pretoria, on 4th September, 1963, at 11 a.m.—1 Ox, Africander, 5 years, brown, left ear cropped; 1 heifer, 4 years, black, left ear cropped; 1 bull, 3 years, brown, branded Z Ƀ ƶ; 1 bull, 3 years, red, branded 1ƀG, left ear V-mark; 1 mule, gelding, 7 years, black.

LICHTENBURG Municipal Pound, on 23rd August, 1963, at 10 a.m.—1 Heifer, black, spot on forehead, 1 year; 1 tolley, light yellow, hornless, 1 to 2 years; 1 horse, gelding, brown with blaze, 7 to 8 years; 1 heifer, red, hornless, right ear slit, 4 to 5 months; 1 heifer, 6 to 9 months; 1 tolley, black and white, spot on forehead, 6 to 9 months; 1 heifer, Fresian type, left ear cropped, 1 to 2 years.

RIETFONTEIN Pound, District Swartruggens, on 4th September, 1963, at 11 a.m.—1 Cow, 8 years, red, branded ƷYO; 1 cow, 6 years, red, branded ƷYO; 1 cow, 5 years, dark red, branded ƷYO; 1 cow, 6 years, red, branded ƷYO; 1 heifer, 2 years, red, branded ƷYO.

SCHWEIZER RENEKE Municipal Pound, on 30th August, 1963, at 10 a.m.—1 Ox, ±4 years, red and white, right ear swallowtail and half-moon behind, left ear cropped; 2 heifers, ±2 years, black.

WELTEVREDE Pound, District Bethal, 11th September, 1963, at 11 a.m.—1 Ox, 6 years, black, right ear cropped and cut behind.

MUNISIPALITEIT CHRISTIANA.

VERHUUR VAN GEDEELTE VAN DORPSGROND.

Kennisgewing geskied hiermee, ingevolge Artikel 79 (18) van Ordonnansie No. 17 van 1939, dat die Stadsraad van voorneme is om by Sy Edele die Administrateur aansoek te doen vir die nodige goedkeuring om ongeveer honderd vyf-en-negentig (195) morg van die plaas Prospect, en aangetoon as Kamp No. 3 op die Kaart, te verhuur vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande, gereken vanaf die 1ste Oktober 1963.

Die besluit van die Raad en die voorwaardes van verhuur saam met die sketsplan wat Kamp No. 3 aantoon, sal ter insae wees by die kantoor van die ondergetekende gedurende gewone kantoorure.

Enige besware teen die voorgenome huur moet skriftelik by die ondergetekende ingedien word nie later dan Saterdag, 21 September 1963, om 12-uur middag nie.

M. W. C. ROSSOUW,
Waarnemende Stadsklerk.

Stadskantore,
Christiana, 3 Augustus 1963.

MUNICIPALITY OF CHRISTIANA.

LEASE OF PORTION OF TOWN LANDS.

Notice is hereby given, in terms of Section 79 (18) of Ordinance No. 17 of 1939, that the Council intends to apply to His Honourable the Administrator for his necessary approval to lease approximately one hundred and ninety-five (195) morgen of the farm Prospect which is shown as Camp No. 3 on Plan, for a period of 9 years and 11 months as from the 1st October, 1963.

The resolution of the Council and the conditions of lease, together with the sketch plan showing Camp No. 3, will be open for inspection at the office of the undersigned during the usual office hours.

Any objections to the proposed lease must be submitted, in writing, to the undersigned not later than Saturday, the 21st September, 1963, at 12 noon.

M. W. C. ROSSOUW,
Acting Town Clerk.

Town Office,
Christiana, 3rd August, 1963.
576—14-21-28

STADSRAAD VAN WESTONARIA.

VERVREEMDING VAN EIENDOM.

Kennis word hiermee gegee, ingevolge die bepalings van Artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat dit die voorneme van die Stadsraad van Westonaria is om, onderhewig aan die goedkeuring van Sy Edele die Administrateur, die munisipale stalle, geleë op Gedeelte 7 van die plaas Gemspost No. 32, District Randfontein, aan mnr. C. J. Scheffer te verhuur teen 'n nominale huurgeld van 50c per maand.

Besonderhede met betrekking tot die voorgestelde verhuur lê ter insae op Kantoor van die Stadsklerk gedurende gewone kantoorure en besware daarteen, indien enige, sal deur die ondergetekende ontvang word tot Donderdag, 19 September 1963.

W. J. R. APPELCRYN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Westonaria, 6 Augustus 1963.
(Munisipale Kennisgewing No. 17/1963.)

TOWN COUNCIL OF WESTONARIA.

ALIENATION OF PROPERTY.

Notice is hereby given, in terms of Section 79 (18) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Westonaria, subject to the approval by the Honourable the Administrator, to lease the municipal stables, situated on Portion 7 of the farm Gemspost No. 32, District Randfontein, at a nominal fee of 50c per month, to Mr. C. J. Scheffer.

Particulars in regard to the proposed lease may be inspected at the Office of the Town Clerk during normal office hours and any objections against the proposed lease, if any, must reach the undersigned not later than Thursday, 19th September, 1963.

W. J. R. APPELCRYN,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Westonaria, 6th August, 1963.
(Municipal Notice No. 17/1963.)
581—14-21-28

STADSRAAD VAN VOLKSRUST.

WAARDERINGSHOF.

Kennisgewing geskied hiermee, ingevolge subartikel (8) van Artikel 13 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die eerste sitting van die Waarderingshof op Dinsdag, 27 Augustus 1963, om 7-uur nm., in die Raadsaal, Munisipale Kantore, Volksrust, gehou sal word om die Tussentydse Waarderingslyste van belasbare eiendomme, binne die Munisipaliteit van Volksrust, te bekragtig.

G. H. P. BESTER,
Waarnemende Stadsklerk.

Volksrust, 14 Augustus, 1963.
(No. 16/1963.)

TOWN COUNCIL OF VOLKSRUST.

VALUATION COURT.

Notice is hereby given, in terms of subsection (8) of Section 13 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, that the first sitting of the Valuation Court will be held in the Council Chamber, Municipal Offices, Volksrust, on Tuesday, 27th August, 1963, at 7 p.m., to confirm the Interim Valuation Rolls of rateable property within the Municipality of Volksrust.

G. H. P. BESTER,
Acting Town Clerk.

Volksrust, 14th August, 1963.
(No. 16/1963.) 588—14

KENNISGEWING.

(Ooreenkomstig regulasie 4 van Ordonnansie No. 20 van 1957.)

Geliewe hiermee kennis te neem dat ek, die ondergetekende, Abraham de Villiers (gebore 22 Mei 1883) hiemee verklaar dat ek 'n aansoek om 'n langtermynhuurkontrak aan te gaan met Letaba Piesangkwekers Ko-operasie (Mpy.), Bpk., oor sekere resterende gedeelte van Gedeelte 12 ('n gedeelte van Gedeelte 4) van die plaas Toul No. 72, Registrasie-afdeling K.T., Distrik Letaba, ingedien het by die Sekretaris, Dorperaad, Pretoria.

Die houer van die Minerale Regte oor bogenoemde eiendom, naamlik Elizabeth Johanna Black (gebore Albertyn), weduwee, word hiermee aangesê om, indien sy 'n beswaar wil indien, sodanige beswaar by die Sekretaris, Dorperaad, Pretoria, ingedien moet word, binne 'n periode van twee maande van die datum van die eerste verskyning van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Trichardtsdal hierdie 16de dag van Junie 1963.

(Get.) A. DE VILLIERS.

p/a Van Rensburg, Steyn en V. d. Hoven,
Posbus 301,
Potgietersrus. 517—31-7-14

STAD JOHANNESBURG.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSAANLEGSKEMA No. 1 (WYSIGINGSKEMA No. 1/111).

(Kennisgewing ingevolge die bepalings van Artikel 35 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931.)

Die Stadsraad van Johannesburg is voornemens om sy Dorpsaanlegskema No. 1 te wysig deur die indeling van Verenigde Standplaas No. 438, Standplase Nos. 437 en 471, 432 tot 436 en 466 tot 470, Doornfontein, na "spesiaal" te verander sodat daar 'n drukkery, 'n uitgewersaak en sake wat daarmee in verband staan ingevolge die huidige bepalings vir Hoogtestreek 3 sover dit die hoogte en dekking betref, op sekere voorwaardes opgerig kan word, en deur die indeling van Standplase Nos. 462 tot 465, Doornfontein, na „spesiaal" te verander sodat dit slegs vir parkeerdoeleindes gebruik kan word.

Besonderhede van hierdie wysiging lê ses weke lank, vanaf ondergenoemde datum, in Kamer No. 423, Stadhuis, Johannesburg, ter insae. Iedere bewoner of eienaar van vaste eiendom wat in die gebied waarop die Skema van toepassing is, geleë is, het die reg om teen die wysiging beswaar aan te teken en kan te eniger tyd gedurende die ses weke wat die besonderhede ter insae lê, sy beswaar en die redes daarvoor skriftelik by die Klerk van die Raad indien.

ROSS BLAINE,
Klerk van die Raad.

Stadhuis,
Johannesburg, 31 Julie 1963.

CITY OF JOHANNESBURG.

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME No. 1 (AMENDING SCHEME No. 1/111).

(Notice in terms of Section 35 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931.)

The City Council of Johannesburg proposes to amend its Town-planning Scheme No. 1 by rezoning to "special" Consolidated Stand No. 438, Stands Nos. 437 and 471, 432 to 436 and 466 to 470, Doornfontein, permitting the establishment of a printing works, a publishing business and purposes incidental thereto under the existing provisions of height and coverage of Height Zone 3, subject to certain conditions, and by rezoning to "special" Stands Nos. 462 to 465, Doornfontein, for parking purposes only.

Particulars of this amendment are open for inspection at Room No. 423, Municipal Offices, Johannesburg, for a period of six weeks from the undermentioned date. Every occupier or owner of immovable property situate within the area to which the Scheme applies has the right to object to the amendment and may inform the Clerk of the Council, in writing, of such objection and the grounds thereof at any time during the six weeks the particulars are open for inspection.

ROSS BLAINE,
Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Johannesburg, 31st July, 1963.
518—31-7-14

STADSRAAD VAN EDENVALE.

ONTWERP-DORPSAANLEGSKEMA No. 1/21.

Hiermee word ter algemene inligting bekendgemaak kragtens Artikel 15 van die Regulasies wat opgestel is kragtens die Ordonnansie op Dorpsgebiede en Dorpsaanleg, 1931, soos gewysig, dat Dorpsaanlegskema No. 1/21 opgestel is en dat die memorandum wat die voorstelle in verband met die ontwerpskema uiteensit, gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van ses weke vanaf die datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê in die kantoor van die ondergetekende.

Hierdie Ontwerp Dorpsaanlegskema omvat wysigings aan Dorpsaanlegskema No. 1 van 1954, afgekondig by Administrateursproklamasie No. 39 van 1954, en die uitwerking hiervan is om Klousule 34 so te wysig ten einde die Raad in staat te stel om op aansoek goedkeurings en toestemmings wat volgens die bepalings van die Skema verleen is te verleng vir verdere tydperke van nie meer as 12 maande op voorwaarde dat so 'n aansoek gedoen moet word terwyl die goedkeuring nog van krag is.

Enige beswaar of vertoe in hierdie verband moet skriftelik by die ondergetekende voor of op Vrydag, 20 September 1963, ingedien word.

C. J. VERMEULEN,
Klerk van die Raad.

Munisipale Kantore,
Edenvale, 30 Julie 1963.
(Kennisgewing No. 1135/358/1963.)

TOWN COUNCIL OF EDENVALE.

DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/21.

Notice is hereby given for general information, in terms of Section 15 of the Regulations framed under the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, as amended, that Town-planning Scheme No. 1/21 has been prepared and that the Memorandum setting out the proposal in connection with the Draft Scheme will be open for inspection at the office of the undersigned during ordinary office hours for a period of six weeks from the date of the first publication hereof.

This Draft Town-planning Scheme comprises amendments to Town-planning Scheme No. 1 of 1954, approved by virtue of Administrator's Proclamation No. 39 of 1954, and the effect thereof is to amend Clause 34 in such a way to enable the Council to renew any approvals or consent given under the provisions of this Scheme for further periods of not more than one year provided such application is made whilst the approval or consent is still valid.

Any objections or representations in this connection must be lodged with the undersigned, in writing, not later than Friday, 20th September, 1963.

C. J. VERMEULEN,
Clerk of the Council.

Municipal Offices,
Edenvale, 30th July, 1963.
(Notice No. 1135/358/1963.) 559—7-14-21

STADSRAAD VAN ZEERUST.

VERVREEMDING VAN GROND.

Kennisgewing geskied hiermee, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, van die voorneme van die Raad om Erf No. 581 aan mnr. J. J. Niemand te verkoop teen 'n bedrag van R50.

Verdere besonderhede in verband met die eiendom en die voorwaardes waaronder dit vervreem staan te word, lê ter insae in die Kantoor van die Stadsklerk, gedurende normale kantoorure.

Enige beswaar teen die voorgestelde vervreemding moet die Stadsklerk bereik voor 12-uur middag, Vrydag, 30 Augustus 1963.

J. C. DE BEER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Zeerust, 22 Julie 1963.
(Kennisgewing No. 15/63.)

TOWN COUNCIL OF ZEERUST.

ALIENATION OF PROPERTY.

Notice is hereby given, in terms of Section 79 (18) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1936, as amended, that the Town Council of Zeerust intends to sell Erf No. 581 to Mr. J. J. Niemand for an amount of R50.

Further particulars in connection with the property and the conditions in terms of which it is to be alienated are open for inspection at the Office of the Town Clerk during normal office hours.

Any objections against the proposed alienation must reach the Town Clerk before 12 noon on Friday, 30th August, 1963.

J. C. DE BEER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Zeerust, 22nd July, 1963.
(Notice No. 15/63.) 522—31-7-14

STADSRAAD VAN WESTONARIA.

PARKEERMETERVERORDENINGE.

Daar word, ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, bekendgemaak dat die Stadsraad van voorneme is om die volgende Verordeninge te maak:—

Verordeninge rakende die Beheer van Parkeermeters.

Afskrifte van die voorgestelde Verordeninge lê ter insae by die Kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van 21 dae met ingang van die datum van publikasie hiervan.

W. J. R. APPELCRYN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Westonaria, 30 Julie 1963.
(Munisipale Kennisgewing No. 16/1963.)

TOWN COUNCIL OF WESTONARIA.

PARKING METER BY-LAWS.

It is hereby notified, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council proposes to make the following By-laws:—

By-laws Concerning the Control of Parking Meters.

Copies of the proposed By-laws are open for inspection at the Office of the Town Clerk for a period of 21 days from the date of publication hereof.

W. J. R. APPELCRYN,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Westonaria, 30th July, 1963.
(Municipal Notice No. 16/1963.) 570—14

GESONDHEIDSRAAD VIR BUITE-STEDELIKE GEBIEDE.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE NOORD-JOHANNESBURG STREEK-DORPSAANLEGSKEMA (WYSIGENDE SKEMA No. 17).

Kragtens die regulasies wat ingevolge die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, No. 11 van 1931, soos gewysig, uitgevaardig is, word hiermee bekendgemaak dat die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede van voorneme is om sy Noord-Johannesburg Streekdorpsaanlegskema soos volg te wysig:—

(*a*) Die digtheidsbestemming van die volgende hoewes in Morningside Landbouhoewes verander te word van „1 woonhuis per 2 morg" na „1 woonhuis per 40,000 vierkante voet":—

Die restant van Hoewe No. 16, Hoewe No. 18, Hoewe No. 100, Gedeeltes 2 en 3 van Hoewe No. 130 en Gedeelte 1 en die restant van Hoewe No. 127.

(*b*) Die digtheidsbestemming van die restant van Lot No. 41, Sandown, verander te word van „1 woonhuis per 60,000 vierkante voet" na „1 woonhuis per 40,000 vierkante voet".

(*c*) Die digtheidsbestemming van Gedeelte 7 ('n gedeelte van Gedeelte 6) van Lot No. 31 en die restant van Gedeelte 6 van Lot No. 31, Sandown, verander te word van „1 woonhuis per 60,000 vierkante voet" na „1 woonhuis per 40,000 vierkante voet".

(*d*) Die volgende „Rooipad voorstelle" ingevoeg te word in Tabel A van Deel I van die betrokke Skemaklousules na die nommer 386, nl.—

402, 406, 414, 416, 418 en 422.

Besonderhede en planne van hierdie voorgestelde wysiging lê ses weke vanaf datum van hierdie kennisgewing by die Raad se Hoofkantoor, Kamer No. A713, H. B. Phillipsgebou, Bosmanstraat 320, Pretoria, en by sy Takkantoor, Kamer No. 501, Armadalegebou, Breestraat 261, Johannesburg, ter insae.

Besware teen of vertoë in verband met die wysigings kan te eniger tyd skriftelik aan die ondergetekende gerig word maar nie later as Vrydag, 27 September 1963 nie.

H. B. PHILLIPS,
Sekretaris/Tesourier.

Posbus 1341,
Pretoria, 14 Augustus 1963.

(Kennisgewing No. 145/1963.)

PERI-URBAN AREAS HEALTH BOARD.

PROPOSED AMENDMENTS TO THE NORTHERN JOHANNESBURG REGION TOWN-PLANNING SCHEME (AMENDING SCHEME No. 17).

In terms of the regulations framed under the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, as amended, it is hereby notified for general information that the Peri-Urban Areas Health Board proposes to amend its Northern Johannesburg Regional Town-planning Scheme as follows:—

(*a*) The density zoning of the following holdings in Morningside Agricultural Holdings be amended from "1 dwelling-house per 2 morgen" to "1 dwelling-house per 40,000 square feet":—

The remaining extent of Holding No. 16, Holding No. 18, Holding No. 100, Portions 2 and 3 of Holding No. 130 and Portion 1 and the remainder of Holding 127.

(*b*) The density zoning of the remainder of Lot No. 41, Sandown, be amended from "1 dwelling-house per 60,000 square feet" to "1 dwelling-house per 40,000 square feet".

(*c*) The density zoning of Portion 7 (a portion of Portion 6) of Lot No. 31 and the remainder of Portion 6 of Lot No. 31, Sandown, be amended from "1 dwelling-house per 60,000 square feet" to "1 dwelling-house per 40,000 square feet".

(*d*) The following "Red Road Proposals" be inserted in Table A of Part I of the relevant Scheme Clauses after the number 386, viz.—

402, 406, 414, 416, 418 and 422.

Particulars and plans of these proposed amendments are open for inspection at the Board's Head Office, Room No. A713, H. B. Phillips Building, 320 Bosman Street, Pretoria, and at its Branch Office, Room No. 501, Armadale House, 261 Bree Street, Johannesburg, for a period of six weeks from the date hereof.

Objections to or representations in connection with the amendments may be submitted to the undersigned, in writing, at any time, but not later than Friday, the 27th September, 1963.

H. B. PHILLIPS,
Secretary/Treasurer.

P.O. Box 1341,
Pretoria, 14th August, 1963.

(Notice No. 145/1963.) 571—14-21-28

DORPSRAAD VAN OTTOSDAL.

EIENDOMSBELASTING, 1963/64.

Kennisgewing geskied hiermee, ooreenkomstig die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die volgende eiendomsbelasting op die waarde van alle belasbare eiendomme soos dit voorkom in die Waarderingslys, binne die Munisipale Gebied van Ottosdal gehef is vir die tydperk 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1964:—

(*a*) 'n Oorspronklike belasting van vyf-twaalfdes van 'n sent ($^{5}/_{12}$c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.

(*b*) 'n Addisionele belasting van vyf en sewe-twaalfdes van 'n sent ($5^{7}/_{12}$c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.

Die belastings sal betaalbaar wees op 1 Julie 1963. Die eerste helfte mag egter betaal word nie later dan 31 Oktober 1963 nie en die ander helfte nie later dan 31 Maart 1964 nie.

Rente teen 7 persent per jaar sal gevorder word op alle bedrae wat nie op die vervaldag betaal is nie.

A. P. DUNCKER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Ottosdal, 18 Julie 1963.

VILLAGE COUNCIL OF OTTOSDAL.

ASSESSMENT RATES, 1963/64.

Notice is hereby given, in terms of the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the following assessment rates on the value of all rateable property, appearing on the Valuation Roll, within the Municipal Area has been imposed for the period 1st July, 1963, to 30th June, 1964:—

(*a*) An original rate of five-twelfths of a cent ($^{5}/_{12}$c) in the rand (R1) on the site value of land.

(*b*) An additional rate of five and seven-twelfths of a cent ($5^{7}/_{12}$c) in the rand (R1) on the site value of land.

The above rates are due for payment on the 1st July, 1963, of which half may be paid not later than the 31st October, 1963, and the balance not later than 31st March, 1964.

Interest at the rate of 7 per cent per annum will be charged on sums not paid on due dates.

A. P. DUNCKER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Ottosdal, 18th July, 1963. 574—14

STADSRAAD VAN ZEERUST.

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITS-VERORDENINGE.

Kennis word hiermee gegee, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Zeerust voornemens is om die Elektrisiteitsverordeninge soos volg te wysig:—

Om voorsiening te maak vir kabelaansluitings en verhoging van die tarief vir sekere dienste.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die ondergetekende, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum hiervan.

J. C. DE BEER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Zeerust, 1 Augustus 1963.

(Kennisgewing No. 17/1963.)

TOWN COUNCIL OF ZEERUST.

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

Notice is hereby given, in terms of the provisions of Section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Zeerust proposes to amend the Electricity By-laws as follows:—

To provide for cable connections and the increase of tariffs for certain services.

Copies of the proposed amendment shall be open for inspection at the office of the undersigned during office hours for a period of 21 days from date hereof.

J. C. DE BEER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Zeerust, 1st August, 1963.

(Notice No. 17/1963.) 575—14

DORPSRAAD VAN DELAREYVILLE.

WATERVOORSIENINGS-VERORDENINGE.

Daar word, ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, bekendgemaak dat die Dorpsraad van Delareyville van voorneme is om die volgende Verordeninge te maak:—

Watervoorsieningsverordeninge en Tariewe.

Afskrifte van hierdie Verordeninge lê ter insae by die Raad se Kantoor vir 'n tydperk van 21 dae met ingang van die datum van publikasie hiervan.

H. J. PIENAAR,
Waarnemende Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 24,
Delareyville.

(Kennisgewing No. 32/63.)

VILLAGE COUNCIL OF DELAREYVILLE.

WATER SUPPLY BY-LAWS.

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of Ordinance No. 17 of 1939, as amended, that the Village Council of Delareyville propose to make the following By-laws:—

Water Supply By-laws and Tariffs.

Copies of the above-mentioned By-laws and Tariffs are available for inspection at the Office of the Council for a period of 21 days from date of publication hereof.

H. J. PIENAAR,
Acting Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 24,
Delareyville.

(Notice No. 32/63.) 545—7-14-21

MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE.

VERVREEMDING VAN ERWE.

Kennisgewing geskied hiermee, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, dat dit die voorneme van die Raad is om, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, Erwe Nos. 345, 349, 353, 354, 357, 358, 359, 360, 362, 363, 364, 367, 368, 369, 370 en 372, geleë in Delareyville Uitbreiding No. 2, te vervreem.

Die voorwaardes, pryse en volledige besonderhede lê ter insae op die kantoor van die ondergetekende gedurende gewone kantoorure, vir 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing. Enige besware teen die voorgestelde vervreemdings moet die ondergetekende bereik voor of op Vrydag 6 September 1963 of 12 middag.

H. J. PIENAAR,
Waarnemende Stadsklerk.

Kantoor van die Stadsklerk,
Posbus 24,
Delareyville.
(Kennisgewing No. 33/63.)

MUNICIPALITY OF DELAREYVILLE.

ALIENATION OF ERVEN.

Notice is hereby given, in terms of Section 79 (18) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Council, subject to the approval of the Administrator, to sell Erven Nos. 345, 349, 353, 354, 357, 358, 359, 360, 362, 363, 364, 367, 368, 369, 370 and 372, situate in Delareyville Extension No. 2.

The conditions of sale, selling prices and full particulars hereof may be inspected at the office of the undersigned during normal office hours for a period of 30 days from first publication of the notice, and any objections against the alienations must reach the undersigned on or before 12 noon on Friday, 6th September, 1963.

H. J. PIENAAR,
Acting Town Clerk.

Office of the Town Clerk,
P.O. Box 24,
Delareyville.
(Notice No. 33/63.) 546—7-14-21

MUNISIPALITEIT WARMBAD.

WAARDASIEROL, 1962/65.

Ingevolge die bepalings van Artikel 14 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 20 van 1933, soos gewysig, word hiermee kennis gegee aan alle belanghebbende persone dat die Lys voltooi is en dat dit vasgestel en bindend gemaak word vir alle betrokke partye wat nie binne een maand vanaf die datum van die eerste publikasie van voornoemde kennisgewing teen die beslissing van die Waarderingshof appelleer nie op die wyse soos voorgeskryf word.

J. J. JORDAAN,
President van die Hof.
J. S. VAN DER WALT,
Klerk van die Hof.

Munisipale Kantore,
Posbus 48,
Warmbad, Transvaal, 30 Julie 1963.

MUNICIPALITY OF WARMBATHS.

VALUATION ROLL, 1962/65.

Notice is hereby given, in terms of Section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the above-mentioned Roll has been certified and signed and will be binding upon all parties concerned who shall not within one month from date of the first publication of this notice appeal against the decision of the Valuation Court in the manner provided for in this Ordinance.

J. J. JORDAAN,
President of the Court.
J. S. VAN DER WALT,
Clerk of the Court.

Municipal Offices,
P.O. Box 48,
Warmbaths, Transvaal, 30th July, 1963.
552—7-14

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK.

VOORGESTELDE WYSIGING AAN DIE VANDERBIJLPARK-DORPSAANLEGSKEMA No. 1.

SKEMA No. 1/5.

Hierby word, kragtens die regulasies opgestel ingevolge die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, soos gewysig, bekendgemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark van voorneme is om sy Dorpsaanlegskema No. 1 soos volg te wysig soos aangetoon in Skema No. 1/5 en Kaart No. 1 van Skema No. 1/5:—

Die hersonering van Erf No. 402, C.W.1-dorpsgebied, Vanderbijlpark, van „Vermaaklikheid" na „Spesiale Besigheid".

Besonderhede in verband met bogenoemde wysiging lê ter insae in Kamer No. 203, Munisipale Kantore, Klasie Havengastraat, Vanderbijlpark, vir 'n tydperk van ses weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Alle okkupeerders en eienaars van vaste eiendom binne die gebied waarop die Skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die wysiging te opper. Sodanige besware en die redes daarvoor moet skriftelik by die Stadsklerk nie later as Vrydag, 20 September 1963, ingedien word nie.

L. S. CAMPBELL,
Waarnemende Stadsklerk.

Posbus 3,
Vanderbijlpark, 31 Julie 1963.
(Kennisgewing No. 64/1963.)

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK.

PROPOSED AMENDMENT TO THE VANDERBIJLPARK TOWN-PLANNING SCHEME No. 1.

SCHEME No. 1/5.

It is hereby notified in terms of the regulations framed under the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, as amended, that the Town Council of Vanderbijlpark proposes to amend its Town-planning Scheme No. 1 in the following manner as indicated in Scheme No. 1/5 and Map No. 1 of Scheme No. 1/5:—

The rezoning of Erf No. 402, District C.W.1, Vanderbijlpark, from "Amusement" to "Special Business".

Particulars of the above amendment are open for inspection in Room No. 203, Municipal Offices, Klasie Havenga Street, Vanderbijlpark, for a period of six weeks as from the date of this notice.

Every occupier or owner of immovable property situate in the area to which the Scheme applies, shall have the right to object to the amendment. Such objections and the grounds therefor must be submitted, in writing, to the Town Clerk not later than Friday, 20th September, 1963.

L. S. CAMPBELL,
Acting Town Clerk.

P.O. Box 3,
Vanderbijlpark, 31st July, 1963.
(Notice No. 64/1963.) 555—7-14-21

STADSRAAD VAN VOLKSRUST.

WYSIGING VAN SLAGPAALVERORDENINGE.

Kennisgewing geskied hiermee, ingevolge Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Volksrust van voorneme is om die Slagpaalverordeninge te wysig deur die tarief vir die slag van diere te verander om voorsiening te maak vir slagbuiseienaars om self die slag van diere te onderneem.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings sal, gedurende gewone kantoorure, ter insae lê op Kantoor van die Stadsklerk, Volksrust, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, gedurende welke tydperk skriftelike besware daarteen by die ondergetekende ingedien kan word.

G. H. P. BESTER,
Waarnemende Stadsklerk.

Volksrust, 14 Augustus 1963.
(No. 15/1963.)

TOWN COUNCIL OF VOLKSRUST.

AMENDMENT OF ABATTOIR BY-LAWS.

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Volksrust to amend the Abattoir By-laws by changing the tariff for the slaughtering of animals to make provision for the owners of butcher shops to undertake the slaughtering of animals themselves.

Copies of the proposed amendments can be inspected at the Office of the Town Clerk, Volksrust, during ordinary office hours, for a period of 21 days from date of publication hereof, during which period objections, in writing, thereto may be lodged with the undersigned.

G. H. P. BESTER,
Acting Town Clerk.

Volksrust, 14th August, 1963.
(No. 15/1963.) 587—14

MUNISIPALITEIT POTGIETERSRUST.

KENNISGEWING No. 24 VAN 1963.

Kennisgewing geskied hiermee, ingevolge Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, dat die Raad voornemens is om die Skuttarief van die Munisipaliteit Potgietersrust te wysig met betrekking tot boetes en onderhoud.

Besonderhede van die voorgestelde wysiging lê op die kantoor van die ondergetekende ter insae. Besware teen die voorgestelde wysiging, indien enige, moet skriftelik ingedien word voor 6 September 1963, om 12-uur middag.

J. J. C. J. VAN RENSBURG,
Stadsklerk.

Potgietersrust, 7 Augustus 1963.
(7/27.)

MUNICIPALITY OF POTGIETERSRUST.

NOTICE No. 24 OF 1963.

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, that the Council intends amending the Pound Tariff of the Municipality of Potgietersrust with regard to fines and maintenance.

Particulars of the proposed amendment will lie open for inspection at the office of the undersigned. Objections against the proposed amendment, if any, should be submitted, in writing, before the 6th September, 1963, at 12 noon.

J. J. C. J. VAN RENSBURG,
Town Clerk.

Potgietersrust, 7th August, 1963.
(7/27.) 584—14

STADSRAAD VAN ERMELO.

EIENDOMSBELASTING.

Kennisgewing geskied hiermee dat onderstaande belastings op die waarde van belasbare eiendom binne die Munisipale Gebied, sowel as die Nuwe Ermelo-dorpsgebied wat ingelyf was volgens Administrateurskennisgewing No. 9 van 1952, gedateer 5 Januarie 1952, volgens die Waarderingslys, vir die 12 maande vanaf 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1964, kragtens die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, deur die Stadsraad gehef is, naamlik:—

(*a*) 'n Oorspronklike belasting van 'n halwe sent (½c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond volgens die Waarderingslys; en

(*b*) 'n addisionele belasting van twee en 'n kwart sent (2¼c) in die rand (R1) op terreinwaarde van grond volgens die Waarderingslys.

'n Totale belasting van 2¾ sent in die rand (R1).

Rente teen ses persent (6%) sal betaalbaar wees op alle verskuldigde bedrae wat op 30 November 1963, onbetaal is en geregtelike stappe kan sonder meer teen enige wanbetalers gedoen word.

C. L. DE VILLIERS,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Ermelo, 2 Augustus 1963.
(Kennisgewing No. 40/63.)

TOWN COUNCIL OF ERMELO.

ASSESSMENT RATES.

Notice is hereby given that the following rates on the value of rateable property within the Municipality, as also the township of New Ermelo, which was incorporated under Administrator's Notice No. 9 of 1952, dated the 5th January, 1952, as appearing in the Valuation Roll, have been imposed by the Town Council, in terms of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, for the 12 months, from the 1st July, 1963, to the 30th June, 1964, namely:—

(*a*) An original rate of one-half cent (½c) in the rand (R1) on the site value of land as appearing in the Valuation Roll; and

(*b*) an additional rate of two and one-quarter cents (2¼c) in the rand (R1) on the site value of land as appearing in the Valuation Roll.

A total rate of 2¾ cents in the rand (R1).

Interest at six per cent (6%) per annum will be payable on all amounts which have become due but are unpaid on the 30th November, 1963, and summary legal proceedings may be taken against any defaulters.

C. L. DE VILLIERS,
Town Clerk.

Town Hall,
Ermelo, 2nd August, 1963.
(Notice No. 40/63.) 577—14

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN.

KENNISGEWING No. 61 VAN 1963.

REGULASIES: WYSIGING.

Ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad van Randfontein van voorneme is om sy Reglement van Orde te wysig en om die Standaard Reglement van Orde aan te neem.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings sal vir 'n tydperk van 21 dae vanaf 14 Augustus 1963, gedurende normale kantoorure, in die kantoor van die ondergetekende ter insae lê.

J. F. VAN LOGGERENBERG,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Randfontein, 7 Augustus 1963.

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN.

NOTICE No. 61 OF 1963.

REGULATIONS: AMENDMENT.

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that the Town Council of Randfontein intends amending its Standing Orders and to adopt the Standard Standing Orders.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection during normal office hours, at the offices of the undersigned, for a period of 21 days as from 14th August, 1963.

J. F. VAN LOGGERENBERG,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Randfontein, 7th August, 1963. 583—14

STADSRAAD VAN ALBERTON.

VOORGESTELDE WYSIGENDE DORPSAANLEGSKEMA No. 1/18.

Kennis word hiermee gegee, ingevolge die regulasies afgekondig kragtens die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, No. 11 van 1931, soos gewysig, van die voorneme van die Stadsraad van Alberton om sy Dorpsaanlegskema No. 1 van 1948, soos gewysig, verder te wysig soos volg:—

(i) Deur Padvoorstelle Nos. 25, 26, 28 en 29 te skrap.

(ii) Deur die streeksindeling van Gedeelte 229 ('n gedeelte van Gedeelte F van gedeelte) van die plaas Elandsfontein No. 108, Registrasie-afdeling I.R., met uitsluiting van ongeveer 27 acre, te wysig vanaf „Landboustreek" na „Spesiale Woonstreek".

(iii) Deur die streeksindeling van ongeveer 27 acre van Gedeelte 229 ('n gedeelte van Gedeelte F van gedeelte) van die plaas Elandsfontein No. 108, Registrasie-afdeling I.R., wat onderverdeel staan te word, te wysig van „Landboustreek" na „Beperkte Nywerheidstreek".

Besonderhede van hierdie wysiging lê ter insae in die Kantoor van die Klerk van die Raad gedurende gewone kantoorure en enige beswaar en/of vertoë in verband daarmee moet skriftelik by die Stadsklerk ingedien word voor 20 September 1963.

A. J. TALJAARD,
Waarnemende Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Alberton, 30 Julie 1963.
(Kennisgewing No. 39/1963.)

TOWN COUNCIL OF ALBERTON.

PROPOSED TOWN-PLANNING SCHEME AMENDMENT No. 1/18.

Notice is hereby given, in terms of the regulations framed under the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, as amended, that the Town Council of Alberton proposes to amend its Town-planning Scheme No. 1 of 1948, as amended, as follows:—

(i) To cancell Road Proposals Nos. 25, 26, 28 and 29.

(ii) By the rezoning of Portion 229 (a portion of Portion F of portion) of the farm Elandsfontein No. 108, Registration Division I.R., excluding approximately 27 acres, from "Agricultural Purposes" to "Special Residential Purposes".

(iii) By the rezoning of approximately 27 acres of Portion 229 (a portion of Portion F of portion) of the farm Elandsfontein No. 108, Registration Division I.R., which is to be subdivided, from "Agricultural Purposes" to "Restricted Industrial Purposes".

Particulars of this amendment will be open for inspection at the Office of the Clerk of the Council during normal office hours and objections and/or representations with regard thereto must belodged with the Town Clerk, in writing, prior to the 20th September, 1963.

A. J. TALJAARD,
Acting Town Clerk.

Municipal Offices,
Alberton, 30th July, 1963.
(Notice No. 39/1963.) 554—7-14-21

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL-BOVEN.

SLUITING VAN OPENBARE STRAAT.

Kennisgewing geskied hiermee, kragtens Artikel 67 (3) van Ordonnansie No. 17 van 1939, dat die Gesondheidskomitee van Waterval-Boven besluit het om die Administrateur te versoek om die Komitee se voorstel goed te keur om Dwaalweg permanent te sluit.

Die plan van die genoemde gebied is vir insae by die Komitee se Kantoor op Waterval-Boven, gedurende normale kantoorure soos op die kennisgewingbord by die kantoor vertoon, beskikbaar.

Iedereen wat enige beswaar teen die voorgestelde sluiting het of wat enige eis tot skadevergoeding sal hê indien sodanige sluiting uitgevoer word, word hiermee versoek om sy beswaar of eis, na gelang van die geval, skriftelik by die Komitee in te dien nie later as 12 Oktober 1963, nie.

J. T. ESTERHUIZEN,
Sekretaris.

Nataidgebou 612,
Pleinstraat 14,
Johannesburg, 14 Augustus 1963.

HEALTH COMMITTEE OF WATERVAL-BOVEN.

CLOSING OF PUBLIC STREET.

